# ProAgri

tegnologie vir die boer
technology for the farmer

No / Nr 313
ISSN 1042 - 1558

Gratis / Free

## Innovasie en vooruitgang in die kollig by 5de AmberMacs-ekspo

## Weidingsbestuur: Grond is jou fabriek

## Lavandin-boerdery in die berge




## John Deere 5090E

## Boere maak staat op dié baanbreker

# THINKS LIKE A PRO. WORKS LIKE A BEAST.

The all-new Valtra Q Series is the high-horsepower precision tool you need. Delivering relentless, fuel-efficient power with the intelligence to command every hectare, the Q Series handles your biggest implements and most complex smart farming tasks. Trusted globally and now landing in South Africa, exclusively from Valtrac.



- **Beast Power, Pro Efficiency:**
  Up to 224 kW (305 hp) max boost from the AGCO Power 7.4L 6-cylinder engine.
- **The Smart Driveline:**
  Seamless, efficient power transfer via the CVT (Continuously Variable Transmission). A200 L/min hydraulic pump
- **Smart Farming Standard:**
  Equipped with the award-winning SmartTouch terminal, Valtra Guide, Auto U-Pilot, and SmartTurn.
- **Supreme Comfort:**
  Low-noise cab with synchronized Air Suspension for an exceptionally smooth ride.
- **Built for Africa:**
  Robust chassis, long wheelbase, and balanced design to maximise pulling power, minimise soil compaction, and guarantee durability in demanding conditions.

VALTRAC
TRACTORS • IMPLEMENTS • SERVICE • PARTS

0861 VALTRA   ATTIE: 083 261 9863
www.valtrac.co.za   Valtrac South Africa   Valtrac



# Beste ProAgri–lesers,

Maart bring altyd ’n sekere rustigheid … ’n oomblik waar mens amper kan asem skep ná die gejaag van die seisoen. Tog is dit ook ’n tyd van voorbereiding, aanpassing en vooruitsigte vir die nuwe seisoen.

Die seisoen is besig om te draai. Dae raak stadig maar seker korter, die koeler weer is tasbaar in die lug en daar is vooruitsigte vir ’n nuwe seisoen. Baie boere maak gereed vir strooptyd en ook daarmee saam vir winter, en die nodige voorbereidings word nou noukeurig op plase in plek gestel.

Dit is ook tans lamtyd by ons op die plaas, ’n tyd wat my elke jaar weer stilmaak. Daar is iets besonders aan die geboorte van nuwe lewe, daardie klein, perfekte lammers wat hul eerste tree gee wat mens soveel nuwe hoop en perspektief gee.

Dele van die land het baie goeie reën gekry, iets waarvoor ons opreg dankbaar is. In ander dele word die bek-en-klouseer-entstowwe reeds volstoom toegedien en diere word ingeënt. Dit bring ’n groot verligting vir baie boere en skep weer lig aan die einde van ’n lang en uitdagende tonnel. Ons dink egter steeds aan ons mede-boere wat nog swaarkry onder die druk van die siekte. Julle bly in ons gedagtes.

Ons wil ook ’n spesiale woord van dank rig aan elke veearts wat saam met boere hierdie pad stap: die wat ure insit, oplossings help bring, en dikwels agter die skerms werk om ’n verskil te maak. Jul rol in die landbougemeenskap is van onskatbare waarde.

Vir my persoonlik is hierdie uitgawe ook besonders. Hierdie jaar merk my vyfde jaar by ProAgri en as ek terugkyk, is dit amper onwerklik hoe vinnig die tyd gevlieg het. Al het ek self op ’n plaas grootgeword en steeds aktief betrokke is by ons boerderye, het hierdie pad my ’n heel nuwe perspektief op landbou gegee.

Om deel te wees van ProAgri beteken om deel te wees van ’n veel groter landbougemeenskap, een wat strek oor provinsies, tale en verskillende boerdery-tipes. Ek het oor die jare nie net meer geleer oor tegnologie en praktyke nie, maar veral oor mense. Die stories van boere se deursettingsvermoë, geloof en harde werk bly my daagliks inspireer.

Boerdery bly maar ’n saak van geloof … en om op jou knieë te bly. Mag hierdie seisoen vir elkeen nuwe moed, nuwe hoop en nuwe geleenthede bring.

**ProAgri-groete!**
**Bianca Pretorius**
**bianca@proagri.co.za**

## Inhoudsopgawe / Contents


**Voorbladartikel**
3. John Deere 5090E: Boere maak staat op dié baanbreker

**Nuus**
5. Innovasie en vooruitgang in kollig by 5de AmberMacs-ekspo
9. TLU SA se Jongboer-konferensie: Nuwe generasie boere hou oog op die toekoms

**Meganisasie**
12. New Holland-baaltegnologie
15. Valtrac brings Mahindra tractors to farmers who need power without the price tag

**Hulpbronbestuur**
17. Coach Rentals and Scania: A partnership that builds success
18. Die gebruik van hommeltuie in boerdery deel 1: Boerdery sonder grense

**Gewasproduksie**
20. Nuwe sensasie-witbasterplatform in die medium-kort droëland-groeiklas vir die oostelike produksiegebiede
22. Eetbare blomme deel 2: Kappertjies
25. Limited offer on Rebelo super heavy bale netwrap
26. Weidingsbestuur deel 2: Die grond is die fabriek
29. Lokenburg: Ongenaakbare landskap ideaal vir essensiële olie


Agri4all

## Op ons voorblad




**Die John Deere 5090E is ’n betroubare trekker waarop boere daagliks kan staatmaak vir veelsydige take op die plaas. Met sy robuuste ontwerp en konsekwente werkverrigting bly dit ’n gunsteling keuse vir boere wat waarde en doeltreffendheid soek.**


**ProAgri**
Posbus 72707, Lynnwoodrif /
Rossouwstraat 577
Die Wilgers, Pretoria
079-515-8708
www.proagri.co.za



Copyright © 2026. All rights reserved. No material, text or photographs may be reproduced, copied or in any other way transmitted without the written consent of the publisher. Opinions expressed are not necessarily those of the publisher or of the editor. We recognise all trademarks and logos as the sole property of their respective owners. ProAgri shall not be liable for any errors or for any actions in reliance thereon.


## ProAgri


**Redakteur tydskrif en aanlyn**
Bianca Pretorius > 082-326-2572
bianca@proagri.co.za

**Verslaggewers**
Natasha Pretorius > 083-468-2653
natasha@proagri.co.za
073-105-6938
Benine Ackermann > benine@proagri.co.za
Nicole Fourie > 079-932-6777
nicole@proagri.co.za

**Taalversorger**
Martie Bester > martie@proagri.co.za

**Bemarkingsbestuurder**
Diane Grobler > 082-555-6866
diane@proagri.co.za

**Bemarkers**
Xander Pieterse > 062-391-6507
xander@proagri.co.za
Tiny Smith > 082-698-3353
tiny@proagri.co.za
Kevin Greef > 078-374-8597
kevin@proagri.co.za

**Skeppende bestuurder**
Anja Oosthuizen > anja@proagri.co.za

**Uitleg en ontwerp**
Cara Watson & Stella van Eeden

**Kliëntverhoudingsbestuurder en navrae**
Engela Botha > 084-088-0123
engela@proagri.co.za

**Rekeninge**
Ronel Schluter > accounts@proagri.co.za

**Verspreiding en intekening**
Nita Volmer-van Zyl > 079-515-8708
nita@proagri.co.za

**Sakebestuurder**
George Grobler

# Adiabatic Dry-Cooler and Condenser Range

ENERGY EFFICIENCY

BETTER TEMPERATURE CONTROL

BESPOKE DESIGN




COLCOIL
TECHNOLOGIES
HEAT TRANSFER SOLUTIONS

**T** +27 21 907 4222 ▪ **E** Sales6@colcabct.co.za ▪ **www.colcoil.co.za**

PARTNERING WITH PEOPLE TO CREATE EXCEPTIONAL VALUE

# John Deere 5090E: Boere maak staat op dié baanbreker

Artikel voorsien

Boerdery is nie meer wat dit eens was nie. Werktuie word groter, bedrywighede meer veeleisend, en doeltreffendheid is nie 'n luukse nie – dit is 'n noodsaaklikheid.

Oor jare het boere vir een ding gevra: meer hysvermoë op die John Deere 5090E om swaarder implemente soos planters, spuite en laaigrawe te hanteer. Dit het nou 'n werklikheid geword.

Die 5090E was nog altyd 'n betroubare vennoot op die plaas, maar dit was tyd om op te gradeer. Daarom is 'n nuwe transmissie met verhoogde hysvermoë (ILC) bekend gestel, wat hierdie trekker meer mededingend en veelsydig maak as ooit tevore.

## Waarom hierdie opgradering saak maak

Jou plaas staan nie stil nie, en jou toerusting moet ook nie. Groter implemente beteken groter geleenthede, maar net as jou trekker kan byhou. Of dit nou 'n planter, 'n ploeg, 'n skottel-eg, spuit, laaigraaf of skeerploeg is, jou 5090E kan dit hanteer.

Hierdie trekker is nie net opgegradeer nie, dit bied ook 'n oplossing vir die uitdagings wat boere daagliks ervaar. Of jy nou grond voorberei, gewasse plant of jou eiendom bestuur, die 5090E is gereed om harder en slimmer saam met jou te werk.

## Bly verbind met JDLink

Moderne boerdery gaan oor meer as perdekrag, dit gaan oor inligting. Die 5090E kom nou met JDLink-konnektiwiteit wat in die basismasjien ingebou is. Deur 4G-telematika hou JDLink jou aaneenlopend in verbinding met jou toerusting en jou handelaar.

## Wat beteken dit vir jou?

- Hou 'n oog op die werk waar ookal jy is
- Maak tydige aanpassings om doeltreffendheid te verbeter
- Kry proaktiewe diens- en onderdeel-ondersteuning voordat stilstaan die werk onderbreek

Die bestuur van werknemers, tyd en gewasse regdeur die jaar is uitdagend. JDLink maak dit makliker omdat dit vir jou die data en insigte gee wat jy nodig het om ingeligte besluite te neem. Dit is soos om 'n ekstra stel oë op jou bedryf te hê, sodat jy kan fokus op wat die belangrikste is.

## Grondverskuiwende laaigraaf-aanpasbaarheid

Alledaagse take soos om bale te verskuif, vragmotors te laai en jou eiendom skoon te maak het pas baie makliker geword. Met die nuwe transmissie en ontwerp vir laaigraaf-aanpasbaarheid, word die 5090E meer as net 'n trekker; dit word jou alles-in-een werkesel.

## Verseëlde as, vir nat toestande

Vir boere wat in nat omgewings werk, is nog 'n belangrike kenmerk bygevoeg: die opsie van 'n geseëlde vooras. Dit beskerm jou trekker teen waterskade, sodat jy moeilike toestande kan aanpak sonder om oor langtermyn slytasie bekommerd te wees. Dit is gemoedsrus wat direk in jou masjien ingebou is.

## Wat nie verander het nie

Die kern van die 5090E bly dieselfde:

- Betroubare werkverrigting aangedryf deur hoë-wringkrag, lae-emissie 4,5L PowerTech™-dieselenjins
- Bestuurders geniet dit om met John Deere-trekkers te ry vanweë hul duursaamheid en ergonomie
- 'n Verbintenis tot gehalte en volhoubaarheid

Dit is die waardes wat John Deere reeds oor generasies heen definieer.

John Deere glo dat boerdery doeltreffend, winsgewend en volhoubaar moet wees. Elke opgradering word ontwerp om jou te help om meer met minder te doen: minder insette, minder vermorsing en meer produktiwiteit. Deur jou werk en behoeftes te verstaan, kan oplossings geskep word wat hulpbronne bewaar, gemeenskappe ondersteun en produsente help floreer – vandag en vir die geslagte wat nog kom.

## Die kernboodskap

Die nuwe 5090E is nie net 'n trekker nie; dit is 'n slimmer manier van boer. Met verhoogde hysvermoë, JDLink-konnektiwiteit, laaigraaf-aanpasbaarheid en opsies vir 'n geseëlde vooras, is hierdie masjien gebou om die eise van moderne landbou te hanteer. Dit gaan daaroor om jou die gereedskap te gee om vinniger, makliker en beter te werk, sodat jy kan fokus op die groei van jou besigheid en om die wêreld van kos te voorsien.

Besoek https://dealerlocator.deere.com om jou naaste handelaar te vind, of gaan na https://www.deere.africa vir meer inligting.




**Die 5090E het meer hysvermoë en is ook toegerus met JD Link-konnektiwiteit en laaierversoenbaarheid – en bied opsies vir 'n geseëlde vooras.**


CLAAS
‘n Bron van krag
soos geen ander.
Meer tyd. Meer ure. Meer gemoedsrus.
Bestel jou XERION vóór 30 Maart 2026 en ontvang ’n verlengde MAXICARE waarborg – gratis!
5-jaar / 5000-uur MAXICARE waarborg.
Die volledige XERION-reeks kwalifiseer. Jy kies.
KEMPSTON AGRI
info@kagri.co.za
Standaard Kempston Agri Bepalings & Voorwardes Geld.
Aanbod geldig tot 30 Maart 2026.
claas.co.za



'n Heerlike gees het geheers onder besoekers en uitstallers.

**Innovasie en vooruitgang in kollig by**

# 5DE AMBERMACS-EKSPO

*Deur ProAgri*

Soos oudergewoonte is die gewilde AmberMacs-ekspo weer vanjaar in Witrivier net noord van Mbombela in Mpumalanga, aangebied. Duisende besoekers van regoor die land woon jaarliks hierdie geleentheid by wat begin is deur Philip Moufarrige, eienaar en besturende direkteur van AmberMacs, om bewustheid te skep oor makadamianeut-boerdery in Suid-Afrika en vir die bevordering van hierdie veelsydige landbouproduk.

ProAgri het die geleentheid bygewoon waar indrukwekkende produkte uitgestal is, insiggewende praatjies deur kenners aangebied is en boere lekker saam gekuier en staaltjies uitgeruil het. Die bekende ekonoom Dawie Roodt het 'n makro-oorsig van die Suid-Afrikaanse ekonomie gegee terwyl Philip 'n interessante praatjie aangebied het oor die stand van sake in die plaaslike makadamia-bedryf.

Vanjaar het die opkoms Philip en sy ekspo-span beïndruk met die groeiende getal besoekers. "Op alle vlakke is die ekspo baie goed ontvang. Die terugvoer van die besoekers sowel as die sprekers was positief," sê Andri van den Bergh, organiseerder. "Hierdie jaar het ons 'n toename in besoekers gehad wat ons baie opgewonde maak. Die netwerk-kuier is goed bygewoon en almal het lekker saam gekuier."

## BOERE SUKKEL MET GEWASBESKERMING

Dr. Schalk Schoeman, wat 'n praatjie gelewer het oor die praktiese aspekte van biologiese insektebestuur in makadamia-boorde in die Laeveld, sê omdat Mpumalanga die grootste makadamia-produksiestreek in die wêreld is, regverdig dit die voortbestaan van hierdie ekspo.

"Gewasbeskerming is my spesialiteit en dit is tans vir die boere 'n baie groot probleem. Dit sal waarde toevoeg tot die ekspo as mens 'n informele werksgroep-sessie kan aanbied om direk met die boere te kan kommunikeer in plaas van noodwendig 'n formele lesing."

Buiten die biologiese uitstallings wat hom beïndruk het, sê Schalk "ek het veral die lesing oor die makro-ekonomie van Dawie baie geniet. Philip en Allan Duncan ('n drie- tot vyfjaar-blik op die makadamia-bedryf) se praatjies het ook vir my uitgestaan. Iets waaraan ons in die toekoms kan aandag gee is waardetoevoeging".

## HITACHI-BX 100 TLB BEÏNDRUK TALLE BESOEKERS

Willie Bester, Mbombela-verkoops-verteenwoordiger vir Hitachi-konstruksiemasjinerie, het die interaksie met potensiële kliënte geniet. Willie is entoesiasties oor die produk wat Hitachi op die ekspo uitgestal het. "Ons het 'n Hitachi BX100 TLB (Tractor Loader Backhoe) uitgestal. Baie van die besoekers het nie geweet dat ons 'n TLB in ons reeks het nie. Dit doen regtig goed omdat die masjien goeie kwaliteit bied en teen 'n prys van net onder R1 miljoen veel goedkoper is as dié van ons mededingers," sê Willie. Hy sê Hitachi se ZX480U Mini Excavator, wat pas bekend gestel is, verkoop uitstekend, veral in die Kaap.

Die goed beplande uiteensetting van die ekspo, vermaak deur sangers soos Barto en Coenie Naudé, en die interessante lesings het vir Willie uitgestaan. "Ons het baie navrae oor ons produkte gekry van nuwe kliënte en ook goeie blootstelling op beide dae van die ekspo."



*Belangstellende boere het die lesingslokaal volgepak.*


FENDT
700 VARIO
GEN 7
STEL 'N NUWE MAATSTAF
IN DIE 200-300 PK KLAS
TRACTOR OF THE YEAR
TOTY
Winner
2025
Opgradeer van Alledaags
na Uitsonderlik!
Krag tot
303hp / 223 kW
Brandstofbesparing tot
15%
met traplose
VarioDrive-transmissie
Ontsluit as standaard:
Veranderlike Tempo
Seksiebeheer
CenterPoint
ISO Bus
Outo-koplanddraaie
FENDT
5 JAAR
5000 URE
WAARBORG


Dean Mouton.

## 'MARK IS GEREED VIR DOELTREFFENDE EN VOLHOUBARE OPLOSSINGS'

Dean Mouton, bemarker vir Etec, gesels lekker oor die ten volle elektriese voertuie wat hulle uitgestal het, naamlik die Bike Bakkie, Blitz Cruiser, Apex en Rugon 2. "Ons Rugon 2 het die meeste aandag getrek. Ons elektriese voertuie is ideaal vir plase, landgoedere en besighede omdat dit stil, betroubaar en kostedoeltreffend is met geen brandstof-uitgawes nie. Omdat ons voertuie nie brandstof gebruik nie, bekostigbaar is en minimale onderhoud verg, spaar jy geld."

Hy het dit veral geniet om "met soveel mense te gesels wat in ons produkte belangstel en ook om eerstehands terugvoer oor ons produkte te kry. Daar was definitief belangstelling. Ons het kwotasies gegee aan potensiële kopers en het geskakel met ander besighede wat geïnteresseerd is om ook Etec-handelaars te word".

Tegnologiese vooruitgang en hoe vinnig die bedryf ontwikkel, was vir hom ekspo-hoogtepunte. "Die innovasie wat uitgestal is, bevestig dat die mark gereed is vir meer doeltreffende en volhoubare oplossings.

"Ek sal die ekspo aanbeveel omdat dit 'n uitstekende netwerk- en leergeleentheid is waar besoekers nuwe produkte kan ontdek, tendense kan verken en waardevolle kontakte kan maak," sê Dean.

## WANT BOERE IS PLESIERIG ...

Benewens die lesings, uitstallings, sappige kos en drankies, was die gees byna tasbaar en het talle mense vriendelike geselsies aangeknoop en keel natgemaak met yskoue bier – en kort daarna het niemand meer opgelet net hoe warm die Laeveld kan raak nie!

- Die sesde AmberMacs-ekspo word van 4 tot 5 Februarie 2027 in Witrivier, Mpumalanga aangebied.



Willie Bester.

*Vir meer inligting oor die AmberMacs-ekspo, skakel Andri van den Bergh, ekspo-koördineerder, by* 082 3755 109 *of stuur 'n e-pos na* andri@ambermacs.com


Die ekspo is weer vanjaar op AmberMacs se mooi Bosveld-ligging aangebied.


Philip tydens sy praatjie by die AmberMacs-ekspo.

OORTREF VERWAGTINGE

# DIE SPLINTERNUWE 5M-REEKS




## 105-145 PK – ONGEBONDE WERKVERRIGTING VIR ELKE TAAK

Ontdek hierdie veelsydige trekker wat doelgerig ontwerp is vir die uitdagende Afrika-landskap. Met tot 145 perdekrag en indrukwekkende wringkrag uit die doeltreffende AGCO Power-enjin, lewer die MF 5M die krag wat jy nodig het om grondbewerking, saai, hooimaak, laaiwerk en veeboertake moeiteloos te hanteer.

Kies tussen die gladde Dyna-4 transmissie vir koppelaarvrye skakeling of die betroubare gesinchroniseerde opsies. Uitsonderlike wendbaarheid met 'n stywe draaikring, hidroulika tot 98 L/min en volle laaigraaf-versoenbaarheid maak dit die ideale vennoot vir produktiwiteit. Die MF 5M is gebou vir uithouvermoë met lae bedryfskoste, 400-uur diensintervalle en beskikbare slimboerdery-tegnologie vir presisie stuur leiding.

Massey Ferguson 5M: Betroubaar. Doeltreffend. Gereed vir enige uitdaging.

reddot winner 2025

[Skandeer die QR-kode vir meer inligting]

VIR MEER INLIGTING, BESOEK ONS WEBWERF OP
WWW.MASSEYFERGUSON.COM

MASSEY FERGUSON

# TLU SA se JONGBOER-KONFERENSIE

## Nuwe generasie boere hou oog op toekoms

*deur Nicole Fourie*

Op 13 Maart vanjaar het jong boere, rolspelers in die landboubedryf en ondersteuners by Gecko Ridge in Mooiplaats, Pretoria, bymekaar gekom vir TLU SA se Jongboer-konferensie. Met die tema "Boer 2.0: Die nuwe generasie boer" het die dag gefokus op die rol wat jong boere sal moet speel in die toekoms van landbou.

Deelnemers het reeds vroegoggend begin opdaag waar koffie, tee en kolwyntjies bedien is, terwyl die mini-agri-ekspo 'n geleentheid geskep het vir boere om met rolspelers te skakel en nuwe tegnologie en produkte te verken. Hierdie informele sessie het waardevolle netwerkgeleenthede gebied aan jong boere om idees uit te ruil en nuwe kontakte te maak.



**'n Indrukwekkende hommeltuig.**

### Geroep om 'verskil te maak'

Die konferensie is amptelik geopen deur die voorsitter van TLU SA se Jongboer-komitee, Clemens Senekal, waarna ds. Leon Lubbe die opening met skriflesing en gebed gelei het.

In sy boodskap het hy 'n eenvoudige maar treffende voorbeeld gebruik: 'n pen. Mense gebruik dikwels 'n pen vir alles waarvoor dit nie gemaak is nie – om iets oop te krap of 'n knoppie te druk. Maar wanneer dit uiteindelik



**Leerders maak gebruik van die geleentheid om te netwerk om kontakte op te bou en nuwe mense te ontmoet.**

gebruik moet word om te skryf, werk dit soms nie meer nie.

"Net soos 'n pen gemaak is om te skryf, het elke jong boer ook 'n doel en 'n roeping om 'n verskil in landbou te maak."

Sy boodskap was dat elke mens, net soos daardie pen, 'n doel het – en dat jong boere hul roeping moet uitleef waar hulle die grootste verskil kan maak.

Senekal het daarna gepraat oor die belangrikheid van landboustrukture en hoe jong boere hul plek in die groter landboubedryf moet verstaan. Volgens hom lê daar groot waarde in georganiseerde strukture wat boere se stem versterk en samewerking bevorder.



**Die toekoms van landbou is blink as gevolg van 'n dinamiese groep jong boere.**

### Inspirasie as gesprekspunt

Die dag se program het verder gefokus op persoonlike groei en ontwikkeling. Tiaan Barkhuizen, TLU SA se Jongboer van die Jaar vir 2025, het verduidelik dat die Jongboer-kompetisie nie slegs 'n wedstryd is nie.



**Besoekers in die konferensiesaal luister na 'n spreker.**

"Die Jongboer-kompetisie is meer as 'n wedstryd – dit is 'n platform vir groei, blootstelling en nuwe geleenthede." Dié kompetisie skep geleenthede vir die uitbreiding van netwerke, blootstelling aan ander landbouers sowel as leierskapontwikkeling – waardevolle ervaring vir jong boere wat hul plek in die bedryf wil vestig.

Regsaspekte was ook deel van die gesprek toe adv. Charles Lloyd praktiese insigte gedeel het oor die wetlike werklikhede waarmee boere te kampe kry. In sy praatjie oor allerlei onderwerpe, waaronder kontrakte en verantwoordelikhede, het hy beklemtoon dat kennis van die reg 'n belangrike hulpmiddel vir elke boer is.

### Tegnologie noodsaaklik vir vooruitgang

Die konferensie het ook 'n blik gebied op die toekoms van landbou. 'n Beplande hommeltuig-demonstrasie deur Highveld Drones sou wys hoe


www.faw.co.za
JH6 33.460 FT-AMT:
BUILT FOR AFRICA
Local assembly. Global engineering.
Designed to thrive on tough roads.
FAW
JH6
A PRODUCT OF FAW
900 L fuel capacity (450 + 450)
62 200 kg GCM
Sleeper cab with aircon + USB radio
FAW TRUCKS SOUTHERN AFRICA
Head office:
45 Brabazon Road, Isando,
Gauteng | marketing@faw.co.za
SCAN THE QR CODE TO CONTACT US



**Talle interessante stalletjies by die mini-ekspo.**

tegnologie 'n toenemend belangrike rol speel in moderne boerdery. Ongelukkig kon die demonstrasie nie plaasvind nie weens ongunstige weerstoestande.

Hoewel die praktiese demonstrasie nie moontlik was nie, bly dit duidelik dat tegnologie 'n al hoe groter rol in moderne landbou speel. "Die boer van die toekoms werk nie net harder nie, maar slimmer – met tegnologie as 'n belangrike hulpmiddel."




**Shaun Welmans van Agri Skills Transfer, lewer 'n inspirerende toespraak oor hoe jong boere kan voorberei vir die toekoms.**

Ná die teepouse het die fokus verskuif na entrepreneurskap en selfbegin-boerdery. Die Jongboer-finaliste Willem van der Merwe en Francois du Toit, wat albei in die derde plek aangewys is in verlede jaar se kompetisie, het hul ervarings gedeel oor hoe jong boere hul eie geleenthede kan skep en hul toekoms in landbou kan bou.

Opleiding en vaardigheidsontwikkeling was nog 'n belangrike tema. Shaun Welmans, uitvoerende hoof van Agri Skills Transfer, het beklemtoon dat kennis en opleiding noodsaaklik is vir sukses in 'n landboubedryf wat voortdurend ontwikkel.

Kabous van Schalkwyk van Manitou het ook gepraat oor die vennootskap tussen mens en masjien. Volgens hom gaan die boer van die toekoms nie net harder werk nie, maar ook slimmer deur tegnologie en moderne toerusting effektief te gebruik.

Die konferensie is afgesluit met 'n inspirerende boodskap oor nalatenskap en roeping in landbou. Jong boere is herinner dat 'n plaas nie net 'n besigheid is nie, maar 'n nalatenskap wat oor generasies heen opgebou word.

"Die nuwe generasie boere is gereed om hul merk te maak en die toekoms van landbou te bou."




**Clemens Senekal, TLU se voorsitter van die Jongboer-komitee, vertel meer oor die belangrikheid van 'n netwerk.**




**Stefan (Kabous) van Schalkwyk, besigheidsontwikkelingsbestuurder van Manitou, vertel die jong boere meer van dinamiese denke en innoverende masjinerie.**

## Rooskleurige toekoms

Sulke konferensies speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van jong boere. Dit bied nie net kennis en praktiese raad nie, maar skep ook 'n ruimte waar boere mekaar kan inspireer en ondersteun. In 'n tyd waar landbou baie uitdagings in die gesig staar, bly samewerking en die deel van kennis noodsaaklik.

TLU SA se Jongboer-konferensie het duidelik gewys dat die toekoms van landbou in goeie hande is. 'n Nuwe generasie van boere is bereid om moderne idees te omarm, tegnologie te gebruik en met passie aan die toekoms van voedselproduksie te bou.



**Bennie van Zyl, hoofbestuurder van TLU SA.**




**Willem van der Merwe, wat die gesamentlike derde plek in die Jongboer-kompetisie vir 2025 behaal het, deel sy ervaring oor selfbegin-boerdery.**

# New Holland-baaltegnologie

**Artikel voorsien**



## Groot vierkantbale

New Holland neem 'n revolusionêre stap in baaltegnologie en baaluitnemendheid in die groot vierkantige baalsegment en bied drie modelle in Suid-Afrika aan:

1. BB1270 PLUS
2. BB1270 PLUS DENSITY
3. BB1290 HD

Danksy die baler se kort en smal trekstang en sy nie-reflektiewe geel kleur, het operateurs uitstekende sigbaarheid van die 2,35 m-opnemer tydens die baalproses. Vir hoogs doeltreffende gewasverwerking het boere die opsie van óf die CropCutter™-stelsel wat 'n beheerde snyaksie en superieure snyprestasie deur die sny by enige lading waarborg, óf die hoëkapasiteit-pakker wat met swaar komponente vervaardig is om duursaamheid te verseker en by die baler se hoë deurset te pas.

As gevolg van die Loop Master™-knooptegnologie wat standaard op alle modelle is, word daar verseker dat die tweede knoop nou 'n lusstyl is, wat 37% sterker is in vergelyking met 'n standaardknoop. Dit lei tot 'n toename van tot 26% in algehele treksterkte vir verminderde breek. Boonop elimineer dit tou-afsnysels – wat tans in die lande agterbly en selfs hul pad na voer kan vind. Dit bied 'n kostebesparing van meer as 6 km of 46 kg tou wat in 'n seisoen van 10 000 bale bespaar word.

Die verbruikerskoppelvlak op die IntelliView™ IV-kleurraakskerm stel die operateurs in staat om die hooffunksies van die skerm af te beheer, insluitend spesifieke, direkte toegang-'aksie'-knoppies, wat gebruik kan word om funksies soos baaldigtheid, baallengte en kragaftakker-aanskakeling te beheer.

Op die BB1270 PLUS kan jy kenmerke geniet wat produktiwiteit en doeltreffendheid verhoog met bale met 10% hoër digtheid as gevolg van die baalkamer wat 31% langer is. Die langer baalkamer beteken ook dat bale die baalglybaan nader aan die grond verlaat vir sagter baalval en minder kommer oor toubreuk.

Die BB1270 PLUS DENSITY-model is ontwerp om meer materiaal met elke slag in elke baalvlok te pak, met 'n versterkte plunjer wat die voortou neem. Opgraderings beteken dat dit 27% groter krag kan lewer as die eenheid op die BigBaler 1270 Plus. Om die verhoogde materiaaltoevoer wat deur die opgegradeerde plunjer verskaf word, te ewenaar, lewer groter digtheid-hidrouliese ramme 'n kragtoename van 113% (meer as dubbel) op sydigtheid-deure en 25% meer krag op die boonste deure as dié op die BigBaler 1270 Plus.

Dit verseker dat die bale tot die hoogste moontlike vlak saamgepers word. Daarbenewens het die spanningsrelings sydigtheiddeure met verhoogde styfheid, terwyl die boonste digtheid-deur 'n swaar boonste balk insluit. Die baalkamer se kompressiestelsel beskik ook oor twee digtheidshefbome wat die sydeure druk, wat gelyke kragverspreiding op die deure verseker. Slytplate op die baalkamervloer en voorkante is standaardtoerusting op Plus Density-eenhede om duursaamheid te maksimaliseer en koste van eienaarskap te minimaliseer.

Die BB1290 HD is standaard toegerus met die bekroonde SmartShift™-ratkas met tweespoed-aanvangstegnologie vir 'n selfs gladder baler-aanskakeling, wat beteken dat jou trekker se aandrywing altyd beskerm word tydens baler-aanskakeling. Die vliegwiel is ook swaarder as op BigBaler Plus-modelle en het 'n 16% groter deursnee, wat 1 080 mm teen 1 440 opm bereik.



**'n Perfekte, netjiese en kompakte baal. New Holland se Roll Bar 125 in aksie.**



**Die New Holland RBV 150 Crop Cutter kan enige hooiwerk behartig.**

Hoër spoed vermenigvuldig met groter vliegwiel lewer 230% meer energie as op BigBaler Plus-modelle.

Hierdie modelle kan ook gespesifiseer word met 'n stuurbare tandem-as en hidrouliese vering, en die ActiveWeigh™-stelsel en die vryfblokvogmetingstelsel is ook ingesluit.

## Bewese eenvoud

Die Roll-Bar™ 125 vastekamerbaler produseer 'n baal van 1,25 m in deursnee. Die bewese eienskappe sluit in eenvoudige, betroubare aandrywingslyne, maklike onderhoud en hoë gewasbuigsaamheid. Die stylvolle vlerkopeningontwerp bied gemak van onderhoud en alle hoofaandrywingskettings is versterk om maksimum betroubaarheid te verseker, benewens nuwe verseëlde laers in sleutelareas.

Die rotasiestawe binne die baalkamer word in die baal ingebed en verseker positiewe draaiing wat die baal van enige gewas moontlik maak, ongeag die werksomstandighede of benodigde baaldigtheid.

Vir gemak van onderhoud, beskik die Roll-Bar 125 oor 'n 1,9 liter-oliereservoir, die oliestelsel pomp outomaties olie na die kettings met elke agterklepsiklus. Vir duursaamheid word hoëkwaliteit- verseëlde laers aan die hoofaandrywing, strooperrol en rotor gepas om stofbesoedeling in die laers en swaarder kettings op die optelaandrywing, vloerrolaandrywing en stroperrol- en voorkantkettingaandrywing te voorkom.

Met die Bale Command™ Plus II-monitor is 'n 10 cm-agtergrondbeligte skerm duidelik sigbaar vir effektiewe gebruik en kan daar vanuit die gemak van die kajuit tussen tou of net op die skerm gekies word.

## Verander jou baalstyl

New Holland is reeds 25 jaar aan die voorpunt van die Roll-Belt-balersegment en het 'n reeks baanbrekers bekend gestel wat die manier waarop veranderlike kamerbalers vandag werk, gerevolusioneer het.

Met Roll-Belt 150 is die kapasiteit met tot 20% verhoog danksy die herontwerpte optel. Stel jou voor dat jy elke land 20% vinniger skoonmaak of elke dag 20% meer werk kan doen! Hierdie hoër deurset beteken dat meer gewas onder optimale toestande gebaal word. Die voerhulprol maak dit alles moontlik en tregter die gewas selfs meer doeltreffend in die rotor in. Sekondes is afgesny van reeds indrukwekkende toedraaitye om jou selfs vinniger weer by die baalproses te kry.

Baalvormsensors aan weerskante van die kamer bied onmiddellike terugvoer aan die operateur sodat hy sy rypatroon kan aanpas om perfek gevormde bale te maak. Operateurs kan kies hoe dig 'n kern hulle benodig. Digtheidsaanpassing in die kajuit laat die operateur toe om die kern- en buitenste digtheid van die bale aan te pas volgens sy voorkeur. Sagter kerns is perfek vir maklike voer en wanneer die baal moet 'asemhaal', terwyl 'n stewiger kern uitstekende bergings- en hanteringseienskappe bied.

Die baler kan 'n hardekernbaal van 0,9 m tot 1,5 m produseer en vir maklike onderhoud is die baler toegerus met 'n gesentraliseerde smeerbank en oliereservoir, wat van grondvlak af via die kantskerm toeganklik is. Die outomatiese oliestelsel voorsien olie aan alle aandryfkettings met elke agterklepsiklus.

Die bekende EdgeWrap™-stelsel verseker dat die net tot by die rand van die baal gaan, en in sommige gevalle vorm dit 'n omhulsel oor die rand van die baal. Dit beskerm die bale en help om hul algehele vorm te behou – en is noodsaaklik tydens uitgebreide hantering of wanneer dit met 'n aparte baalwikkelaar gebruik word.

'n Tweedegenerasie Duckbill-stelsel is fisiek nader aan die baal, wat die hele toedraaiproses versnel. Die verspreiderrolle handhaaf eenvormige bedekking oor die hele baal en die nettoedraai word aktief binne die kamer geplaas, langs die baal, vir meer akkurate toedraaiprestasie.



**Die New Holland BC 5060 tel maklik en effektief die windry op, om 'n perfekte baal te maak.**

## Die klassieke kapasiteit van die oorspronklike innovasie

Die BC5060 en Hayliner 275 is klein vierkantige balers wat jou toelaat om met vertroue te baal deur die beproefde syvulstelsel. Die baler strek van die trekker se regterkant af, wat maklike monitering van die materiaaltoevoerproses moontlik maak.

Die BC5060 is perfek vir tradisionele baaloperasies met sy 1,65 m wye vyfstaaf SuperSweep™-opnemer, swaar vliegwiel en vinnige plunjerspoed van 93 houe per minuut. Vir groter baaloperasies het die Hayliner® 275 'n groter 1,9 m wye sesstaaf-SuperSweep-opnemer met 'n pneumatiese maatwiel en 'n swaargewig-touknoop met 'n gesplete raam vir maklike onderhoud en betroubaarheid.

Wees verseker – watter model jy ookal kies, jy sal bewese betroubaarheid, indrukwekkende vermoë en die produksie van stywe bale wat 460 x 360 mm groot is kry wat maklik is om te stapel en te voer.



**New Holland Hayliner 275.**

**Vir meer inligting, besoek www.newholland.com/za of kontak Derrick Coetzee, produkbemarkingspesialis: Oes- en hooitoerusting Suider-Afrika (+27)82-524-7447.**

# PRESSURE COMPENSATING
## *Dripline Irrigation*

IU IRRIGATION UNLIMITED SINCE 2003

Quality Pressure Compensating dripline at an affordable price, ideal for farmers looking to invest.

*Proudly manufactured in S.A.*

- Even flow across uneven slopes
- Durable, made to last





Afriq Water

*Proudly distributed by* IU IRRIGATION UNLIMITED

**www.iunlimited.co.za**
Wholesale supplier and distributor of a wide range of irrigation products

**Tobie Van Den Heever** +27 82 658 6054
**Henko Cilliers** +27 71 303 8829

**FIND YOUR NEAREST DEALER**
**PTA** +27 12 736 2121 | **CPT** +27 21 946 1194








# Valtrac brings Mahindra tractors to farmers who need power without the price tag

**by Natasha Pretorius**

In an economy where disposable income is not readily available on your farm, you need equipment that can keep up with the demanding tasks of your farm but still won't break the bank.

At this year's Balfour Hay Day on 21 January, Valtrac proudly showcased Mahindra tractors, the latest addition to their product range. According to Bronwyn Cilliers, General Manager at Valtrac, they've realised that many farmers don't have access to disposable income.

"It's fairly tough out there, the prices for products aren't good. But the last thing you want to do is compromise on the quality of feed that you are giving your animals. With the Mahindra tractors, we are showing that you can still make quality feed, you can have the right implements and still put an affordable tractor in front of it."

## Advantages of owning a Mahindra tractor

Bronwyn explained that although Mahindra tractors are quite basic, they are ruggedly built strong, heavy tractors compared to others in their class.

"It is a tractor that we think in the long run will help a farmer to make money and is not going to cost them money," she said.

The advantage of these tractors is that they are distributed by Mahindra South Africa, which means that parts and services are readily available.

"Mahindra has really gone to a lot of effort over the last few years to find out what the needs of the South African farmers are, not just from a product point of view, but also from an after-sales point of view."

Mahindra offers a five-year warranty on their tractors, which means that farmers won't have to spend a lot of money on repairs during that period. The company also has a three-day turn-around time on all repairs and maintenance, however, if they need more time, they'll assist farmers with other arrangements to ensure their farming operations keep running smoothly.




**Attie de Villiers and Bronwyn Cilliers from Valtrac – proudly representing Mahindra Tractors at the Balfour Hay Day 2026.**

## Extensive range of Mahindra tractors

The Mahindra 6075 and 6060 tractors demonstrated their power by pulling Valtrac's Pottinger implements.

As a heavy-duty four-wheel-drive utility tractor, the Mahindra 6075 is known for its durability, powerful engine and high lift capacity.

This tractor forms part of Mahindra's 6000 Series and comes with a 56 kW four-stroke, turbocharged, direct injection, water-cooled diesel engine, 48 kW PTO, and an operating weight of approximately 3 400 kg.

The 6060 is a two-wheel-drive utility tractor that is designed for a wide range of medium-duty activities on the farm. This tractor comes with a 44 kW four-stroke, direct injection, turbocharged, water-cooled diesel engine, Direct Injection, a 37 kW PTO and an operating weight of 2 530 kg.



**Valtrac using their Mahindra tractors to demonstrate their Pottinger hay equipment at the Balfour Hay Day 2026.**

"There is a lot of work that two-wheel-drive tractors can do on farms, and although they have lost popularity, they are great for doing the run-around work on your farm," Bronwyn said.

With Mahindra as part of their product range, Valtrac believes they'll be able to offer farmers exactly what they need in the price range they can afford. Valtrac believes in helping their customers thrive and by joining hands with Mahindra, this endeavour is one step closer to achieving that goal.

**If you're interested in seeing the Mahindra tractors, you can contact Valtrac's authorised Mahindra dealership branches in Lichtenburg, Parys, Bethlehem, Pietermaritzburg and Humansdorp.**

**For more information, contact Mahindra Tractors on 012 661 3161 or visit their website at www.mahindra.co.za**

mahindra
TRACTORS

# 6075 4WD

Best-in-class torque with a 4-cylinder direct injection diesel engine, offering strong lugging power, high productivity, and fewer gear changes in tough conditions.

FROM **R315 999,00**




www.mahindrafarmequipment.co.za | 012 661 3161 | Nellmapius and John Voster, Centurion Outlying, South Africa

PEACE OF MIND ASSURANCE*

5 YEAR* WARRANTY* · 3000 HOURS* WARRANTY* · 3 WORKING DAY TURNAROUND

MAHINDRA TRACTORS TOUGH ENOUGH

No.1 Tractor Company in the World*

# Coach Rentals and Scania:

## A partnership that builds success



Conan Devy, CEO of Coach Rentals, and Jackie Meyer, Business Manager.

**Visit Coach Rentals website at www.coachrentals.co.za**

by Natasha Pretorius

It is a known fact that partnerships generally lead to success. Having the right partner by your side can mean success for your business. For Coach Rentals, this partner is Scania, and with seven Scania buses already part of the Coach Rentals fleet, the future and the partnership look bright.

Conan Devy is the CEO and Director of Coach Rentals. The company has been operating since 1978, and although Conan can't recall when the company acquired its first-ever Scania bus, he does know that since they bought their first Scania touring bus, they have never looked back.

### The diverse Coach Rentals fleet

Coach Rentals operates in four diverse categories, namely school, corporate, government and tourism transport and for each of these industries, they have a bus that suits the clients' needs.

"We are very fortunate as a business to dip ourselves into a few different industries. We recently started adding the Predator buses with the Scania F310 chassis. They are fantastic daily runners, we use them on school runs, summer camps and veld schools," Conan explains.

The Coach Rentals fleet consists of three Scania F310 Predator buses, three K460 buses and one brand new Irizar i6bus.

Conan explains that their touring buses are the staples in their fleet.

They have a 53-, 57- and 60-seater which operate all over the country, including Cape Town.

The recent addition of the Irizar i6 VIP 60-seater double door runs on a K410 Scania chassis.

"We want to be top-notch when it comes to tourism. I find the Scania buses are built for Africa, we don't have issues with them," Conan says.

### When safety is a priority



**The Busco buses are the staples of Coach Rentals and are used for school and camp transport.**

Conan finds that the safety that Scania buses bring to his business gives him peace of mind. Features like Scania's real-time tracking, the feedback from the chassis and motor, and the feedback from the drivers are invaluable in ensuring their buses are reliable on the road and get their clients to where they need to be, safely. "I think Scania is a global reputable brand, they have been good to us, from the ground level relationships with sales to the after-sales and the mechanical side. We are very happy with the brand," he proudly says.

### Going the extra mile with a Scania

When it comes to maintenance, Conan believes that you can get any vehicle to 2 million kilometres as long as you are on top of maintenance and the annual service.

"Beyond the assistance with maintenance and services, our relationship with Scania is next level, from follow-ups to feedback on the ground and even coffee meetings. I think that is the type of service that will continue to drive us forward in terms of a good partnership," Conan says.

He believes that service is not only about trying to sell another vehicle but about the effort the company puts in.

"If we have issues with our branding when we buy a new vehicle, they are on top of it, and they work very well with bus builders like Irizar, Busco and Marco Polo," he adds.

### When tough times come knocking

Being well-represented across various industries means that tough economic times are more stable for Coach Rentals. However, Conan believes that Scania is the best partner to have if you ever run into tough times.

"I think they are a good partner to work with through whatever issues may arise. We have been lucky so far, knock on wood, we haven't had to go down those ways yet," he says.

### Looking to the future

Moving forward, Conan hopes that the partnership will continue and that Scania will allow him to buy many more vehicles from them.

"We want to keep going for the next several generations. This is a family business, and it has been around since 1978, and I hope it goes on till 2078. We have a very good team here, from Jackie Meyer, who manages every corner of this business, to our office staff and our drivers. We will keep moving forward with Scania and keep building on the future of Coach Rentals."



**The three models of Scania buses in the Coach Rentals fleet.**

If you are looking to buy a reliable Scania vehicle, you can visit the company's website at www.scania.com






**’n Lugkaart wat gewasgesondheid met kleurgradiënte aandui en vroeë tekens van roesswam help identifiseer. (Bron: Dronelife)**

## Die gebruik van hommeltuie in boerdery deel 1:

# Boerdery sonder grense

**deur Nicole Fourie**

Vyf jaar gelede was ’n hommeltuig op ’n plaas meestal iets wat by ’n landbouskou te sien en gedemonstreer was. Dit was indrukwekkend, maar vir baie produsente nie noodwendig prakties nie.

Vandag word dieselfde tegnologie gebruik om gewasstres vroeg op te spoor, plaagdoders presies toe te dien en skade ná haelstorms binne ure te karteer en oplossings daarvoor te vind.

In ’n tyd waar boere sukkel met stygende insetkoste en arbeidstekorte sowel as toenemende klimaatsonsekerheid het hommeltuie vinnig ontwikkel van ’n tegnologiese middel wat nuuskierigheid onder boere aangewakker het tot ’n gevestigde bestuursinstrument op Suid-Afrikaanse plase.

### Wat beteken hommeltuie vir landbou?

Hommeltuie in ’n landboukonteks verwys na onbemande lugvoertuie (UAV’s) wat toegerus is met kameras, sensors of spuitstelsels om data in te samel of insette toe te dien. Modelle wissel van ligte verkenningshommeltuie met multispektrale kameras tot groter spuithommeltuie wat vloeibare of korrelprodukte oor lande kan versprei. Waar trekkers en stropers fisieke werk verrig, verrig hommeltuie inligtingswerk – en in moderne boerdery is inligting dikwels net so waardevol as meganiese krag.

### Van eksperimentele tot geïntegreerde hulpmiddels

**2020: Voorlopige aanvaarding**

In 2020 was die gebruik van



**Hommeltuie word deur die Suid-Afrikaanse Weermag gebruik om die uitgebreide skade aan infrastruktuur te bepaal. (Bron: Luitenant Bafana Shepherd Mtshaise)**

hommeltuie op Suid-Afrikaanse plase nog beperk. Die tegnologie was duur, plaaslike kundigheid beperk en die regulasies het tot onsekerheid gelei. Die meeste toepassings het gefokus op kartering en gewasmonitering op groter kommersiële plase.

**2021-2022: Versnelling**

Ná verskeie suksesverhale het die gebruik van hommeltuie toegeneem en groter spuithommeltuie het op die mark verskyn – en die belangstelling in hierdie soort tegnologie het vinnig gegroei. Diensverskaffers het begin om hommeltuie op ’n kontrakbasis aan te bied, wat die kapitaalhindernisse vir baie boere verlaag het.

**2023 tot vandag:Bestuursinstrument**

Die afgelope paar jaar het hommeltuie hul plek in daaglikse plaasbestuur begin inneem. Mediumgrootte plase en vooruitstrewende kleiner produsente gebruik dit nou vir gewasgesondheid, presisietoediening, besproeiingsbestuur en selfs vee-opsporing.

Gevorderde funksies, waaronder NDVI-beelding, biomassa-skatting en termiese analise maak data-gedrewe besluitneming moontlik op ’n skaal wat vroeër onprakties was.

### Praktiese toepassings op plaasvlak

- **Gewasmonitering en vroeë opsporing**
  Multispektrale en termiese kameras stel boere in staat om stres, siektes en voedingstekorte vroeg te identifiseer. Swak kolle kan geïdentifiseer word voordat dit met die blote oog sigbaar is, wat tydige ingryping moontlik maak.
- **Presisietoediening**
  Data uit lugbeelde word gebruik om variansiekaarte op te stel, wat beteken dat kunsmis, saad of chemikalieë slegs in spesifieke areas toegedien hoef te word. Hierdie doelgerigte benadering help om insetkoste te beperk en hulpbronne meer doeltreffend te gebruik.
- **Spuitwerk in moeilike terreine**
  In wingerde, ongelyke lande of nat toestande waar trekkers nie maklik kan beweeg nie, bied spuithommeltuie ’n alternatief wat minder grondverdigting en beter beheer oor toediening moontlik maak.
- **Water- en besproeiingsbestuur**
  Termiese beelding help om vogstres en oorbesproeiing te identifiseer – ’n kritieke voordeel in waterskaars-streke soos dele van die Karoo en die Noord-Kaap.

- **Vee en infrastruktuur**
  Op groot weidingsplase word hommeltuie gebruik om vee mee te tel, waterpunte en heinings te inspekteer en diere in afgeleë gebiede op te spoor. Dit spaar tyd en brandstofkoste en verbeter ook reaksietyd.
- **Rampbepaling**
  Ná haelstorms of vloede kan die skade vinnig gekarteer word, wat vinnige versekeringseise en herstelbeplanning tot gevolg het.

## Produsente se perspektief

Baie boere se eerste reaksie betreffende hommeltuie was redelik skepties. "Ek het aanvanklik gedink dis 'n speelding," sê 'n mielie- en sojaboonboer in die oostelike Vrystaat. "Maar toe ons begin sien hoe vinnig ons swak kolle ná reën kan identifiseer, het dit 'n bestuursinstrument geword."

Volgens hom lê die grootste waarde in besluitneming. "Voorheen het ons hele blokke (lande) behandel. Nou behandel ons kolle. Dit klink klein, maar oor 'n seisoen maak dit 'n groot verskil aan insetkoste."

Hy wys egter daarop dat die tegnologie nie 'n kitsoplossing is nie. "Dis nie goedkoop nie, en jy moet die data kan verstaan. 'n *Drone* vervang nie bestuur nie, dit verbeter dit."

## Regulasies en praktiese oorwegings

Die kommersiële gebruik van hommeltuie in Suid-Afrika word gereguleer en vereis toepaslike lisensiëring en opleiding. Vir baie produsente is dit meer prakties om gelisensieerde diensverskaffers te gebruik eerder as om self operateurs te word.

Hoewel koste steeds 'n struikelblok vir kleiner boerderye kan wees, het die groei van kontrakdienste toegang tot dié tegnologie vergemaklik.

## Tendense in Afrika

Regoor Afrika word hommeltuie toenemend gebruik in beide kommersiële en ontwikkelingskontekste.
In lande met groot, verspreide produksiegebiede of beperkte infrastruktuur, bied hommeltuie boere die geleentheid om gewasse te moniteer en insette meer doeltreffend toe te dien.

Klimaatsveranderlikheid en die uitbreking van plae bespoedig ook die aanvaarding van tegnologie wat vroeë waarskuwing en vinnige reaksie moontlik maak.

Die gebruik van hommeltuie oor die afgelope vyf jaar het gewys dat hierdie hulpmiddels nie bloot 'n bykomstigheid tot meganisasie is nie, maar 'n uitbreiding van plaasbestuur self. Namate toerusting goedkoper raak en data-analise verbeter, sal die rol van hommeltuie waarskynlik verder uitbrei, veral waar presisie, hulpbronbestuur en risikobeperking van kardinale belang is.

Waar hommeltuie eens as 'n futuristiese hulpmiddel beskou is vir die landboubedryf, is dit nou besig om 'n onontbeerlike werktuig te word op plase wat in die toekoms mededingend en volhoubaar wil bly.




**'n Hommeltuig se vlugpatrone wat duidelik uiteengesit is om die dekking en roetes oor die veld aan te dui. (Bron: Drones made easy)**


**Bronverwysings:**

Council for Scientific and Industrial Research. (2023) *The role of unmanned aerial vehicles in South African agriculture*. CSIR.

Agricultural Research Council. (2021) *Precision agriculture technologies for South African farming systems*. ARC.

Computers and Electronics in Agriculture Zhang, C., & Kovacs, J. M. (2019) *The application of small unmanned aerial systems for precision agriculture: A review*. Computers and Electronics in Agriculture.

World Economic Forum. (2022) *Innovation with a purpose: The role of drones in agriculture*




**Siek diere kan opgespoor word deur temperatuur verskille op hittekaarte te analiseer. (Bron: Stockphoto)**




**'n XAG-hommeltuig word gebruik om moeilike terrein te spuit. Hierdie termiese beeld dui vogstres en areas wat oorbesproei is, aan. (Bron: Perplexity)**

# Nuwe sensasie-witbasterplatform in die medium-kort droëland-groeiklas vir die oostelike produksiegebiede

**deur Mauritz van Heerden, produk-landboukundige, Pioneer**

Die sukses van 'n baster is grootliks afhanklik van goeie bestuurspraktyke. Eerstens speel grondvoorbereiding, en dan die planter tesame met die planteraksie, die belangrikste rol. Agronomiese praktyke vir die voorbereiding van 'n optimale wortelontwikkelingsomgewing speel ook natuurlik 'n belangrike rol. Tesame met 'n goed aangepaste wortelstelsel van genetika, is dit 'n belangrike wyse om voedingstofopname te verbeter.

Dit is baie belangrik om te onthou dat mieliewortels voortdurend moet groei om grondvoedingstowwe te onttrek. Enige agronomiese praktyk wat nuwe wortelgroei ondersteun, verbeter mielie-opbrengs. Praktyke soos die uitskakeling van verdigting of die dreinering van nat grond om beter wortelgroei moontlik te maak, verbeter geleenthede vir groter opbrengste.

Grond is die primêre bron vir 13 van die 16 voedingstowwe wat nodig is vir mieliegroei. As enige een van hierdie 13 voedingstowwe beperk is, is mielie-opbrengs ook beperk. 'n Goeie wortelomgewing skep minder spanning op die plant, wat sodoende 'n direkte impak op opbrengs het.

## Funksies van mieliewortels

Daar is basies twee funksies van wortels: absorpsie en die ankering van die plant. Wortels vervul ook die funksie van geleiding ten opsigte van water, minerale en voedingstowwe na die bogrondse dele. 'n Belangrike beginsel wat ons gewoonlik vergeet, is die verhouding tussen die totale blaaroppervlakte en die worteloppervlakte. Die wortels moet in staat wees om die bogrondse dele te voorsien van genoeg geproduseerde koolhidrate of fotosintaat – energie wat deur die fotosinteseproses vanaf die blare verkry word. Daarbenewens moet genoeg water en minerale aan die bogrondse dele voorsien word, en die blare moet genoeg voedsel vir wortelonderhoud lewer.

"Mielietelers werk daaraan om opbrengspotensiaal in 'n baster te ontwikkel, maar om te besef dat opbrengs 'n wortelstruktuur vereis wat opbrengste beskerm en stabiliseer," sê Jeff Schussler, Pioneer-navorsingswetenskaplike. "Wortelargitektuur is krities." Pioneer-navorsers werk daaraan om beter mieliewortelargitektuur te ontwikkel, met baie fyn haarwortels om voedingstowwe naby die oppervlak te absorbeer en, diep vertakkende wortels om toegang tot vog in die laer vlakke van die grond te verkry.




**Figuur 1: Tipes kroonwortelwortelhoeke.**

**Wortels is kompleks**. Elke mielieplant het tienduisende klein wortels. Omdat hulle ondergronds is, is dit moeilik om hulle te bestudeer. Wanneer 'n plant meer energie in wortelgroei plaas, is daar gewoonlik minder energie beskikbaar vir graanproduksie. Diep en goed verspreide wortels is belangrik:

1. **Eerstens** moet hulle vinnig afwaarts in die grond groei, eerder as om hoofsaaklik lateraal te versprei.
2. **Tweedens** moet hulle groei op 'n manier wat minder druk op die plant plaas – teen 'n metaboliese tempo wat die plant nie oorlaai of graanproduksie benadeel nie. Sekere anatomiese eienskappe kan die opname van voedingstowwe 'goedkoper' vir die plant maak.
3. **Laastens** moet die wortels die vermoë hê om diep in die grond te groei om water op te neem wanneer toestande dit vereis.

Deur fotosintese vang die blare van die mielieplant sonlig en koolstofdioksied vas om suikers (fotosintaat) te produseer. Hierdie suikers word na die aktief groeiende organe van die plant gelei. Vroeg in die plant se ontwikkeling beweeg suikers na die wortels, waar dit omgeskakel word na strukturele koolhidrate en proteïene in die ontwikkelende wortelweefsel.

Soos die plant aanhou groei, word fotosintaat na die stam en blare gelei vir tydelike berging. Ná suksesvolle bestuiwing plaas graanontwikkeling 'n groot vraag na koolhidrate op die plant. Wanneer die koolhidraatbehoeftes van die ontwikkelende pitte die hoeveelheid oorskry wat deur die blare geproduseer word, word stingel- en wortelbergingsreserwes aangewend.

Universiteitstudies dui daarop dat ongeveer 60% tot 70% van die nie-vesel-koolhidrate in die stam tydens graanvulling na ander dele van die plant verskuif word – hoofsaaklik na die kop (Daynard *et al*., 1969; Jones en Simmons, 1983). Hierdie stamuitputting (ook genoem stamkanibalisme) begin ongeveer twee tot drie weke ná baardvorming.

Omgewingsstres wat die hoeveelheid fotosintaat wat deur die plant geproduseer word, verminder, kan plante dwing om selfs groter persentasies stamkoolhidrate te onttrek, wat graanvulkoerse behou ten koste van die stam. Soos koolhidrate wat in die wortels en stingel gestoor word na die kop gemobiliseer word, begin hierdie strukture afneem.

As daar na die tipe wortelhoeke en -stelsels in *Figuur 1* gekyk word, kan afgelei word dat sekere genetika se wortels beter of swakker presteer by spesifieke grondpotensiale of grondtipes met bepaalde kleipersentasies, wat sodoende beter plasing van basters kan bewerkstellig.

## Die P18011W-platform word kortliks soos volg opgesom:

Dit is 'n nuwe, uitstekende witbaster met goeie opbrengspotensiaal oor 'n wye reeks gebiede in die ooste, as 'n medium-groeiseisoenbaster. Hierdie platform kan as plaasvervanger vir




**Figuur 2: P18011W getoets oor twee seisoene in navorsingsproewe oor die oostelike produksiegebied.**




**Figuur 3: 'n Regressiegrafiek van P18011W in die oostelike produksiegebied.**

**P2369W** gebruik word. Dit het 'n baie mooi, groot primêre kop met goeie graan- en skepelmassa. Dit is goed aangepas by enige potensiaal toestande en lewer goeie opbrengste op hoër potensiaalgronde met vroeë aanplanting.

Die platform beskik oor baie goeie blaarsiektetoleransie, asook goeie verdraagsaamheid teenoor stam- en wortelvrot. Dit is 'n grootraamplant wat koppe hoog kan dra. Dit word ook aanbeveel om hierdie nuwe basters saam met **P2553W** en **P2553WR** as 'n pakket aan te plant. Die **PowerCore**-weergawe moet met 'n toevlugsarea aangeplant word.

Sien tabel regs vir die agronomiese eienskappe wat gebruik kan word vir besluitneming.

P18011W was oor twee seisoene in navorsingsproewe oor die oostelike produksiegebied getoets. Die kleure in die grafiek hierbo (*Figuur 2*) stel die volgende voor:

a. **Wit blok:** Opbrengsverskil (t/ha).
b. **Blou blok:** Persentasie (%) wenne van basters in vergelyking met P18011W, wat as die 0-swartlyn aangedui word.
c. **Geel blok:** Aantal vergelykings.

'n Voorbeeld hiervan is dat P2369W slegs in 34% van die 37 vergelykings teenoor P18011W gewen het, met 'n gemiddelde opbrengsverskil van -0.77 t/ha.

Uit die regressiegrafiek (*Figuur 3*) kan afgelei word dat P18011W = 1018D047-66 (rooi lyn) beter presteer as P2369W (groen lyn) by alle potensiaaltoestande, gebaseer op 37 vergelykings. Die grys stippellyn verteenwoordig die mediaan - dit is die punt waar albei basters dieselfde opbrengs lewer. P18011W het P2368W in 66% van die 37 proef-vergelykings geklop, wat neerkom op 25 wenne uit 37 vergelykings. Die gemiddelde opbrengsverskil ten gunste van P18011W was 0,77 t/ha.

## Samevatting

Die P18011W en P18011WPW lyk na 'n platform met baie goeie opbrengspotensiaal, aanpasbaarheid en stabiliteit. In gebiede waar P2369W goed presteer het ten opsigte van opbrengs, graankwaliteit en siekteverdraagsaamheid, is dit 'n uitstekende opsie om hierdie platform – in beide die nie-tegnologie- en tegnologieformaat – te toets. Daar moet altyd onthou word dat die prestasie van 'n baster afhanklik is van goeie bestuur, deeglike bewerkingspraktyke en die regte plasing daarvan.

### BELANGRIKE AGRONOMIESE EIENSKAPPE

- Staanvermoë
- Opbrengspotensiaal
- Meerkoppigheid
- Kopplasing
- Droogteverdraagsaamheid
- Afdroging
- Produktiewe spruite

Hoog · Gemiddeld · Laag · Geen data

### SIEKTEVERDRAAGSAAMHEID

- Bruinroes
- Grysblaarvlek
- Noordelike blaarskroei
- Stam- en wortelvrot
- Kop- en pluimbrand
- *Fusarium*-kopvrot
- *Diplodia*-kopvrot
- *Gibberella*-kopvrot
- Goss' Bacterial Wilt

Goed · Gemiddeld · Swak · Geen data

| | |
|---|---|
| Meerkoppigheidsindeks | 1.11 - 1.13 |
| Saailing groeikrag | A |
| Staanvermoë | S |
| Planthoogte (m) | 2.43 - 2.59 |
| Kophoogte (m) | 1.26 - 1.40 |
| Kop-tot-plant (PE) verhouding (%) | 51 - 55% |
| Produktiewe spruite (%) | 24 - 27% |
| Hektoliter-massa (kg/hl) | 73 - 74 |
| Aantal blare | 22 / 23 |
| Aantal rye op kop | 16+ |
| Pluimkleur | Pienk |
| Baardkleur | Pienk |
| Stronkkleur | Wit |



# Eetbare blomme deel 2: KAPPERTJIES

deur Tisha Steyn



**Kappertjies verleen 'n mosterdagtige smaak aan kos terwyl die geel, oranje en rooi blommetjies 'n unieke elegansie aan enige gereg gee. (Bron: https://myketogenickitchen.com/nasturtium-recipes/)**

Kappertjies *(nasturtium)* is 'n bekende en gewilde tuinplant wat ewe goed in die groente- of blomtuin hoort.

Feitlik die hele kappertjieplant is eetbaar, van die groot, ronde groen blare, tot die geel, oranje en dieprooi blomme tot die sade, as jy hulle betyds oes.

Die idee vir die reeks oor eetbare blomme het ontstaan nadat 'n ProAgri-leser na aanleiding van die reeks *Groentetuin vir die beginner* gevra het of die sade eetbaar is, en wanneer dit geoes moet word. So siedaar.

Nasturtium verwys gewoonlik na *Tropaeolum majus L.*, 'n kruidagtige plant wat deur die eeue heen veral in Suid-Amerika as medisyne gebruik word. Tradisioneel is van die blomme en blare as 'n tee gebrou wat 'n seer keel en verkoue weggestreel het, terwyl die hele plant, sade ingesluit, 'n natuurlike antibiotika is wat inwendige kwale help genees het.

Vandag nog is kappertjies bekend daarvoor dat hulle ryk is aan anti-oksidante, vitamiene, spoorelemente en bioaktiewe stowwe wat goed is vir jou immuun, asemhaling- en spysverteringstelsels. All in one, Mom.

Kappertjiesade moenie verwar word met wat in Engels as *capers* bekend staan nie. Capers is *Capparis spinosa*, 'n meerjarige plant met vlesige blaartjies en groot ligpienk blomme. Die *capers* verwys na die eetbare blomknoppies wat saam met die *caper berries* gepekel word en wat so 'n lekker souterige byt aan 'n gereg gee.

## Kweek van kappertjies

Kappertjies is 'n eenjarige plant wat van saad gekweek word. In 'n matige klimaat kan hulle meerjarig wees. As jy die sade wat afval en verdroog onversteurd in die grond los, loop hulle die volgende jaar weer uit.

Hulle groei lekker in houers, maar floreer ook as grondbedekker in 'n groentetuin. As hulle saam met bone, koolspesies, komkommers, pampoene, spanspek of radyse geplant word, lok hulle tuinplae soos skildbesies weg van jou groente. Die helderkleurige blomme lok ook bestuiwers soos bye, skoenlappers en selfs suikerbekkies.

Kappertjies soos *Tropaeolum majus*, met die groter blomme, is 'n ranker, terwyl *T. minus* met sy kleiner blommetjies 'n bos vorm. Die ranker lyk al te fraai teen 'n vaal tuinmuur, in 'n houer op 'n vensterbank of in 'n hangmandjie. 'n Kappertjiebos pas beter in 'n kleiner groentetuin waar jy nie wil hê die plant moet die wêreld vol rank nie.

Kappertjies is nie juis puntenerig oor grondtipes nie en groei ewe lekker in ryk en arm grond waar die son hulle behoorlik kan bykom. Hulle is redelik gehard, maar in ryk grond sal die blomme natuurlik groter en mooier wees.

Die sade ontkiem beter in koeler weerstoestande en langs die kus groei hulle lekker waar winterreëns val, terwyl sommige spesies teen hoër vlakke bo seespieël beter in die somer groei.

Kappertjies moet in die groeiseisoen gereeld water kry, maar moenie hulle versuip nie. Hulle kan droogte weerstaan, maar groei lekkerder in klam grond.

Kappertjies in potte raak maklik slordig en moet gereeld teruggesnoei word.

Deur die verlepte of dooie blomme te verwyder, verleng jy die blomtyd.

Kappertjies wat te warm kry gaan sukkel om te blom, so sorg maar dat hulle gereeld water kry wanneer dit witwarm is.

## Oestyd

Blare en blomme kan enige tyd geoes word. Knip die blare, blomme en sade met 'n skerp skêr af sodat jy nie die tengerige plant verwoes nie. Oes die saad voordat hulle volwasse is, uitdroog en afval. Jy kan die droë sade mooi skoon afstof, propper droog en in 'n koel, droë plek bêre om volgende jaar weer te saai.

Was die dele wat jy wil eet om seker te maak stof, grond en plae wat wegkruipertjie speel beland nie in jou bord nie.

Moenie kappertjies wat met insek- of onkruiddoder bygekom is, eet nie.

As jy geneig is om allergies te wees, moet jy dalk nie sommer 'n hele bord kappertjies op een slag verorber nie – kyk eers of jy nie 'n allergiese reaksie ontwikkel nie voordat jy weglê.

## Kappertjies in kos

Die kappertjieblare, -stam, -blomme en -sade het 'n peperagtige smaak, amper soos mosterd, maar nie so skerp nie.

*Hier is 'n paar planne met kappertjies in kos:*

- Gebruik die blare in slaai soos wat jy met waterkers sou doen.
- Die blare werk ewe goed in 'n pesto saam met knoffel, olie, suurlemoensap en dennepitte, waarmee jy 'n vaal pasta kan opkikker.
- Blare op 'n toebie proe na mosterd, maar gaan nie jou oë laat traan soos die ware Jakob nie.
- Gooi gesnipperde blare in 'n roerbraai vir 'n subtiele skop.
- Vul die blare met roomkaas, knoffel en kruie vir 'n anderster southappie.
- Gebruik die blare in 'n smoothie.



**Kappertjie-omelet. Kappertjies is 'n veelsydige eenjarige plant wat in verskeie geregte vir kleur en smaak gebruik kan word. (Bron: https://myketogenickitchen.com/nasturtium-recipes/)**



**’n Kappertjie- en sitrusslaai is heerlik verfrissend op ’n warm somersdag, en boonop is dit propvol antioksidante, vitamiene en spoorelemente. (Bron: https://myketogenickitchen.com/nasturtium-recipes/)**

## Resepte

Daar is baie resepte waarvoor jy kappertjieblomme en blare kan gebruik om smaak en kleur te verleen. Hier is ’n paar as riglyn, gee jou verbeelding vrye teuels!

### Kappertjie-omelet

Klits drie groot eiers, voeg ’n eetlepel melk of water by, roer ’n kwart teelepel sout en ’n agste teelepel swart peper by en bak stadig in botter oor ’n matige hitte totdat die omelet gaar is. Was 8 tot 10 kappertjieblomme en plaas op een helfte van die omelet. Vou die ander helfte oor en laat die omelet vir ’n halwe minuut verder bak sodat die blommetjies warm, maar nie verlep is nie. Garneer met gekapte grasuie en geniet. Bedien met ’n roosterbroodjie en of ’n slaai vir ’n lekker ligte middagete.

### Kappertjie-botter

Kruiebotter is die inding om saam met ’n varsgebakte broodjie of ’n gebraaide mielie te eet. Meng ’n kwart koppie kappertjieblomme, twee eetlepels gekapte grasuie, ’n eetlepel vars suurlemoensap en ’n halwe teelepel sout met ’n koppie sagte botter. Skep die botter op ’n strook waspapier en rol styf op, draai die papier aan die ente vas om ’n worsie te vorm. Verkoel vir 2 ure en sny in skywe om op jou broodjie, mielie of in ’n bak warm pasta te geniet.

### Kappertjie-caprese

Caprese-slaai is ’n Italiaanse gereg wat op die klein eiland Capri ontstaan het. Dit bestaan tradisioneel uit tamaties, mozzarella en basiliekruid in die kleure van die Italiaanse vlag. Hierdie slaai gebruik murgmampoen *(zucchini)*. Sny twee mediumgroot pampoentjies in dunnerige skywe. Pak op bakpapier in ’n pan. Smeer liggies met olyfolie, strooi bietjie sout oor en bak vir sowat 10 tot 12 minute totdat die skywe gaar maar nie pap is nie. Verwyder uit die pan en laat afkoel tot kamertemperatuur. Pak die murgpampoen uit op ’n mooi bord, plaas stukke mozzarella tussenin en druip ’n bietjie olyfolie en balsamiese asyn oor. Geur met sout en peper. Rangskik ’n koppie gewasde kappertjieblomme- en blare tussenin en versier met basiliekruid wat in repies geskeur is. Dien louwarm op saam met ’n vars broodjie.

### Knarserige kappertjiesade

Oes die kappertjiesade terwyl hulle nog groen en nie verrimpeld is nie. Spoel ’n koppievol goed af onder lopende water. Verhit ’n koppie witasyn, ’n koppie water, ’n teelepel sout en ’n teelepel suiker oor medium hitte en laat kook sterk vir 5 tot 7 minute. Voeg twee geskilde knoffelhuisies, ’n teelepel swart peperkorrels en ’n halwe teelepel mosterdsade by en prut vir nog 2 minute oor lae hitte. Gooi solank die skoon kappertjiesade in ’n fles tot amper bo. Vul die fles tot bo met die warm vloeistof. Verwyder lugborreltjies deur die mengsel met ’n lang lepel of sosatiestokkie te roer. Draai die deksel liggies toe en laat die fles vir 10 minute in ’n pot kookwater kook. Verwyder die fles versigtig en draai die deksel behoorlik vas. Laat heeltemal afkoel. Bêre op ’n koel, donker plek vir minstens twee weke voordat jy daaraan proe. Heerlik in aartappelslaai, saam met geroosterde vis of in roomkaas vir ’n heerlike smeer met byt.



**Kappertjiesade kan groen geoes word en ingemaak word vir ’n smaaklike kinkel in verskeie geregte. (Bron: https://myketogenickitchen.com/nasturtium-recipes/)**



**Die ronde blare en veelkleurige blommetjies is heerlik in kruiebotter wat saam met ’n vars broodjie of op ’n gebraaide mielie geniet kan word. (Bron: https://myketogenickitchen.com/nasturtium-recipes/)**

## Bronverwysings


Boeckmann, C. (2026) *Nasturtium Flowers: Planting, Growing, and Caring for Nasturtiums* https://www.almanac.com/plant/nasturtiums

Caper (2026) https://en.wikipedia.org/wiki/Caper

Levy, J. (2020) *Nasturtium: The Medicinal Herb With an Antioxidant-Rich, Flavorful Kick Dr Axe* https://draxe.com/nutrition/nasturtium/

Spiegel, A.I. (2024) *What Are Capers?* Simply Recipes https://www.simplyrecipes.com/what-are-capers-and-when-to-use-them-6754514

Starr, L., Osborne, C.M. (2025) How to Use Nasturtiums in Food

*25 Creative Nasturtium Recipes for Flavorful Dishes* (2025) https://myketogenickitchen.com/nasturtium-recipes/

Svitlana (2024) Caprese Salad (How Italians Make It) https://www.italianrecipebook.com/caprese-salad/

# LIMITED OFFER

# SUPER-HEAVY BALE NETWRAP




All Widths
R3400 ex VAT
Per Roll

BEST QUALITY

Avialable Widths : 123cm & 125cm
UV Protection : Yes
Thickness : 13gr/m

Length : 3600m
Strength : 350kg/m / 3500N
Elasticity : 21.5%







## Call Us Today

071 331 1990

071 331 1997

# Limited offer on REBELO super heavy bale netwrap



**by Bianca Pretorius**

Every South African farmer knows that when hay season arrives, there is no room for delays. The window to cut, bale and store feed is often short, and weather conditions can change in an instant. That is why efficiency in the field is not just important – it is essential. Downtime, breakages or poor-quality inputs can cost valuable time and ultimately affect the quality of your feed.

One of the key components in successful baling is reliable bale netwrap. It plays a critical role in securing the bale, maintaining its shape, and protecting the valuable fodder inside. Choosing the right netwrap can make the difference between a smooth baling process and one filled with frustration.

Rebelo understands these challenges and has positioned itself as a trusted supplier of high-quality agricultural inputs. As a proud distributor of CPS bale net products, Rebelo brings farmers solutions that are designed with durability, performance and consistency in mind. CPS is a globally recognised manufacturer committed to producing bale netting that meets the highest standards, ensuring farmers can work with confidence during their busiest seasons.

CPS is focused on innovation, sustainability and customer service, which has helped build a reputation as a dependable partner in modern agriculture. The manufacturer's goal is simple: to provide farmers with products that improve efficiency, protect their harvests and contribute to long-term farming success.

Quality control is a major priority in the manufacturing process. More than 25% of CPS products are physically checked before shipment, ensuring consistent performance in the field. Advanced UV testing is conducted to guarantee that the netwrap can withstand prolonged exposure to sunlight, a crucial factor under South African conditions where bales are often stored outdoors.

In addition, mechanical testing is done using Zwick Roell machines. These tests evaluate key properties such as tensile strength, elongation, compression and overall durability. This means that every roll of netwrap is engineered to perform under pressure, providing peace of mind when it matters most.

The netwrap is available in widths of 123 cm and 125 cm, making it suitable for various baler sizes. With a thickness of 13 g/m and a length of 3 600 metres per roll, it offers excellent coverage and long-lasting use. Its strength of 350 kg/m (3 500 N) ensures that bales are securely wrapped, while an elasticity of 21,5% allows for optimal tension and load distribution without tearing.

These features translate into tighter, more uniform bales that are easier to handle, transport and store. Properly wrapped bales are also better protected against weather elements, reducing spoilage and preserving feed quality for livestock.

For farmers, this means fewer interruptions in the field, improved productivity and better returns on investment. Reliable netwrap reduces the risk of breakages during baling and ensures that operations run smoothly, even under demanding conditions.

Rebelo is currently offering a limited deal on their super heavy bale netwrap, allowing farmers to invest in premium quality at a competitive price. This netwrap is designed for demanding conditions and delivers excellent performance across a wide range of baling operations.

At a price of R3 400 per roll (excluding VAT) across all available widths, this limited offer presents excellent value for money, especially considering the high standards of quality and testing behind the product.

As hay season approaches or gets underway, now is the time to ensure that every part of your operation is ready to perform.

## "Make sure your next harvest is wrapped with quality you can trust."

**Long rolls up to 3600 m**

**Linear strength 350 kg**

**High Elasticity**

**Top UV Protection**



**For more information about Rebelo's bale netwrap and to take advantage of this limited offer, contact them today on (+27)71-331-1990 or (+27)71-331-1997.**

# WEIDINGSBESTUUR DEEL 2:
# DIE GROND IS DIE FABRIEK

deur Tisha Steyn



> **Elke suksesvolle veeboer is eintlik 'n grondbestuurder, gras is net die sigbare produk, die grond is die fabriek.**

'n Grasplant uit 'n ander hoek beskou. (Bron: Topveld)

So verduidelik De Villiers (Shobie) Arnoldi, 'n veldekoloog van Ermelo wat op sy Facebook-blad, Topveld, praktiese raad oor weidingsbestuur deel. Hierdie eenvoudige maar kragtige stelling vat die kern van grondgesondheid saam: ware produksie begin onder die oppervlak.

Grondgesondheid verwys na hoe goed die grond as 'n lewende stelsel funksioneer. Gesonde grond is nie bloot 'sand en klei' nie; dit is 'n dinamiese ekostelsel vol lewe.

Mikrobes, swamme, insekte, erdwurms, plantwortels, organiese materiaal en goeie belugting werk saam in 'n fyn gebalanseerde stelsel wat produksie moontlik maak.
Die ondergrondse wêreld bepaal hoeveel water die grond kan opneem en stoor, hoe doeltreffend voedingstowwe sirkuleer, hoe diep en sterk plante se wortels groei, en hoe veerkragtig die veld teen droogte en weidingsdruk is. Met ander woorde: sterk veld begin onder jou voete, nie bo jou knieë nie.

## Grondgesondheid en weidingsbestuur

Wanneer grondgesondheid agteruitgaan – deur oorbeweiding, kaal kolle, kompaksie of swak rusperiodes – verloor die grond sy struktuur. Water loop af pleks van in. Organiese materiaal neem af. Mikrolewe sterf uit. Die eindresultaat is beperkte grasproduksie. Die simptoom is swak veld, maar die oorsaak lê onder die oppervlak.

Elke beweidingsbesluit is dus eintlik 'n grondbesluit. Die boer moet hom voortdurend afvra:

- Hoeveel blaarmassa bly oor ná weiding om die wortels te voed?
- Word die grond voldoende bedek, of word dit kaal gelaat?
- Kry plante genoeg kans om reserwes te herstel deur hergroei?

Grondgesondheid word van bo af bestuur deur wyse weidingsbestuur. Dit sluit in:

- Hoe lank vee in 'n kamp vertoef.
- Hoe lank die kamp kans kry om te rus.
- Of die hele kamp eweredig bewei word.
- Hoe vuur toegepas word – tydsberekening, intensiteit, frekwensie, die area wat gebrand word en die grassamestelling tydens brand.

Wanneer 'n boer doelbewus grondgesondheid bestuur, gebeur iets merkwaardigs: meer water infiltreer die grond, meer wortels ontwikkel, organiese materiaal bou op, mikrobiese lewe vermeerder en meer – én beter – gras volg vanself. Wie grond bestuur, bestuur produksie, winsgewendheid en langtermynvolhoubaarheid.

## Grond en wortelgesondheid: 'n Onlosmaaklike vennootskap

Grond- en wortelgesondheid gaan hand aan hand. Hoe gesonder die grond, hoe gesonder die wortels; en hoe gesonder die wortels, hoe vrugbaarder en meer stabiel word die grond. Dit is 'n wedersydse verhouding.

Grond is 'n lewende en dinamiese sisteem waarin plante ontwikkel. Die vrugbaarheid van grond kan beskryf word as die teenwoordigheid van voldoende plantvoedingstowwe en die afwesigheid van elemente wat plantgroei beperk.

Grondgesondheid kan beskryf word as die grond se potensiaal om biologiese produktiwiteit te onderhou. Grondgesondheid word dikwels sinoniem met grondkwaliteit gebruik en moet ook plant- én dieregesondheid bevorder.

Omdat grond 'n komplekse lewende sisteem is, is dit moeilik om sy gesondheid direk te meet. Daarom kyk ons na indirekte aanduiders soos oesopbrengs, die kleur en reuk van die grond, waterkwaliteit en die teenwoordigheid van organismes.
Ander belangrike aanwysers sluit in:

- pH (suurvlak)
- Koolstofvlakke
- Organiese materiaalinhoud
- Die teenwoordigheid van lewende organismes

**Hoe vuur toegepas word beïnvloed die gesondheid van die grond. (Bron: Topveld)**



### Wortels: Die boustene van struktuur

Wortelgesondheid is die bousteen van grondgesondheid, want wortels verbeter die grond se struktuur. Hulle skep kanale waardeur water en lug kan beweeg en laat organiese materiaal agter wanneer hulle afsterf. Hierdie prosesse verhoog infiltrasie, verminder kompaksie en bevorder mikrobiese aktiwiteit.

Net soos wat die grondoppervlak altyd bedek moet wees met plantmateriaal, moet daar altyd lewende wortels in die grond wees. Dit vind plaas as gevolg van wisselbou en die aanplant van dekgewasse wat nie net organiese materiaal verskaf nie, maar ook grondmikrobes voed.

Basiese beginsels vir wortelgesondheid sluit in:

- Die verbouing van dekgewasse.
- Klein toedienings van kalk of gips om grondstruktuur te verbeter.
- Toediening van organiese materiaal soos kompos en deklaag *(mulch)*.
- 'n Fokus op grondvoeding eerder as net plantvoeding.

"Ten opsigte van wisselbou glo baie boere steeds daaraan om chemiese kunsmis te gebruik," sê Shobie. "Daardie kunsmis is 'n doodsteek vir grondlewe, van die mikrobes op die wortels tot erdwurms in hulle tonnels. Dan móét so 'n boer ten duurste aanhou daarmee aangesien daar geen natuurlike omskakelaars van voedingstowwe vir die plante is nie."

Daarom is die neiging al meer na geen-bewerking waar die vorige jaar se oesreste natuurlike bemesting is wat die balans in die grondlewe herstel en as beskerming van die grondoppervlak dien.

### Rol van organiese materiaal en mikrobes

Organiese grondmateriaal vorm die basis van gesonde grond. Dit ondersteun 'n diverse gemeenskap van mikro-organismes wat organiese materiaal afbreek en voedingstowwe vrystel in vorme wat plante kan opneem.

Grondmikrobes bevoordeel plante op verskeie maniere. Sekere bakterieë kan antibiotiese stowwe afskei wat plante teen siektes beskerm. Ander stimuleer wortelgroei. Erdwurms verminder kompaksie en verbeter belugting, terwyl mikoriza-swamsimbiose plante help om voedingstowwe, veral fosfor, meer doeltreffend te benut.

Hierdie biologiese aktiwiteit dra by tot beter waterinfiltrasie, groter voedingsbeskikbaarheid en sterker plante. Die eerste stap na gesonde, vooruitstrewende plante is dus om gesonde grond te verseker – hoofsaaklik deur die toevoeging van groot hoeveelhede organiese materiaal en die ondersteuning van mikrobiese diversiteit.



**'n Wuiwende grasveld wat veeproduksie kan onderhou is die doelwit van grondgesondheid. (Bron: Topveld)**

### Grondgesondheid en plantweerstandigheid

Grondgesondheid lei direk tot plantgesondheid. Plante wat in gesonde grond groei word minder deur peste en siektes aangeval. Inteendeel, peste en siektes is dikwels 'n aanduiding van swak grondgesondheid.

Peste floreer op plante waar daar 'n hoë opbou van wateroplosbare suikers, aminosure en minerale in plantselle is. In gesonde plante met 'n aktiewe metabolisme word hierdie verbindings teen dieselfde tempo gebruik as wat dit vervaardig word. Daar is dus nie 'n oormaat beskikbaar vir peste om op te teer nie.

Die oormatige gebruik van landbouchemikalieë kan egter plantmetabolisme ontwrig. Dit kan proteïensintese vertraag en lei tot 'n opbou van aminosure in die plantselle – 'n ideale voedingsbron vir peste. Net so kan oormatige stikstoftoediening 'n oorproduksie van aminosure veroorsaak.

Daarom moet die fokus verskuif van blote plantvoeding na grondvoeding. Deur grondmikrobes te voed en te ondersteun, verbeter 'n mens nie net vrugbaarheid nie, maar ook waterinfiltrasie en plantweerstandigheid.

### Die balans tussen fisieke, chemiese en biologiese faktore

Grond is gesond wanneer biologiese, chemiese en fisieke toestande in balans is. Hierdie drie komponente beïnvloed mekaar voortdurend. Byvoorbeeld: die fisieke toestand van swaar, versuipte grond kan tot stikstofverliese lei – 'n chemiese probleem. Nitraat kan onder anaerobiese toestande omgeskakel word na molekulêre stikstof ($N_2$) – en as gas verlore gaan. Op sy beurt kan chemiese wanbalanse plantgroei beperk en biologiese aktiwiteit onderdruk.

Wanneer plante onder stres verkeer weens droogte, ongunstige pH, voedingstekorte of kompaksie, daal hul weerstand teen peste en siektes. Dit bevestig weer die noue verband tussen grondtoestand en plantgesondheid.

### Aanwysers van gesonde en ongesonde grond

Gesonde plante is een van die duidelikste aanduiders van gesonde grond. 'n Lewende grond sal:

- Hoë bevolkings van mikrobes ondersteun.
- Erdwurms en ander organismes huisves.
- 'n Donker kleur hê vanweë organiese materiaal.
- Goeie infiltrasie toon ná reën.

Tekens van swak grondgesondheid sluit in:

- Gronderosie
- Korsvorming ná reën of aanplanting
- Swak waterinfiltrasie
- Min lewende organismes
- Ongelyke of swak plantgroei

Wanneer erosie en korsvorming voorkom, dui dit daarop dat die grondstruktuur afgebreek het en dat voedingstowwe nie optimaal beskikbaar is nie.

### 'n Bestuursfilosofie vir volhoubaarheid

Die kernboodskap is eenvoudig: grondgesondheid is nie 'n bysaak nie – dit is die fondament van landbouproduksie. Elke besluit oor beweiding, bemesting, vuur of bewerking beïnvloed die ondergrondse fabriek.

Deur die grond altyd bedek te hou, lewende wortels in die profiel te handhaaf, organiese materiaal aan te vul en mikrobiese lewe te ondersteun, bou 'n mens 'n veerkragtige stelsel wat droogtes, peste en druk beter kan hanteer.

Op lang termyn lei hierdie benadering tot beter produksie, laer insetkoste, gesonder plante en diere en groter winsgewendheid. Maar meer as dit – dit verseker dat die grond self as hulpbron bewaar en verbeter word vir toekomstige geslagte.

Sterk veld begin onder jou voete. Wie die grond verstaan en bestuur, verstaan uiteindelik die hele produksiesisteem.



**Wanneer die plantwortels gesond is, is die grond ook gesond, en andersom. (Bron: Topveld)**

### Bronverwysings

*Wortelgesondheid bevorder grondgesondheid en grondvrugbaarheid* (g.d.) Atlantic Fertilisers https://atlanticfertilisers.co.za/wp-content/uploads/2021/07/Wortelgesondheid-bevorder-grondgesondheid-1.pdf

*Grond Gesondheid en Plantgesondheid* (2026) https://southafrica.co.za/af/grond-gesondheid-plantgesondheid.html

# POLYURETHANE INSULATED PANELS

**Upgrade your building with high-performance polyurethane insulated panels designed for maximum efficiency, durability, and long-term value.**










**HIGH QUALITY, DURABLE AND EFFICIENT PANELS AND DOORS YOU CAN TRUST**

Glacier
OPENS YOUR WORLD

Sales2@glacierdoors.co.za +27 11 613 8120 **www.glacierdoors.co.za**

# Lokenburg: Ongenaakbare landskap ideaal vir essensiële olie

deur Tisha Steyn

In 'n landskap met unieke maar uitdagende landboutoestande, is Lokenburg 'n baken van hoop, toewyding en toekomsgerigtheid.

Te midde van uitdagende toestande, boer dieselfde familie reeds hier van 1774 af. Dit is hier waar Nelmarié Nel (née Lock) vandag as die sewendegeslag op die plaas boer.

Nelmarié is 'n afstammeling van die Van der Merwe-familie wat sedert die middel van die 18de eeu ononderbroke op dié plaas in die Suid-Bokkeveld van die Bokkeveldberge tussen Nieuwoudtville en Calvinia in die Noord-Kaap boer.

In 2020 het sy die plaas as enigste kind ná haar pa, Willie, se dood in 2019 as eienaar en bestuurder oorgeneem om die erfenis, die kern van Lokenburg se identiteit en bestuursfilosofie wat oor generasies strek, voort te sit.





Die blomstengels word met die hand met sekels gesny, dieselfde beproefde metode vir die oes van rooibostee op die plaas. (Bron: Verskaf)

## Sewendegeslag

Nelmarié is op Calvinia gebore en het haar skoolloopbaan daar voltooi. Sy het rekenaarpraktyk en finansiële administrasie aan die Boland-kollege in Stellenbosch studeer en 'n diplomakursus in pluimveevleis-inspeksie aan die Tshwane Universiteit van Tegnologie voltooi.

Oor 33 jaar heen het Nelmarié wye ervaring oor landbou in die Boland en elders in die Wes-Kaap opgedoen voordat sy haar beduidende ervaring in die varsvrugte- en konsentraatbedryf, wingerdbou, melkerye en pluimvee-abattoirs, waar sy by produksie, bemarking en personeelbestuur betrokke was, na die plaas gebring.

Sy is getroud met Herman wat ook hier grootgeword het. "Herman het 'n diepgewortelde passie vir boerdery, en sy besondere belangstelling in inheemse en medisinale plante van die streek, sy kennis van die plaaslike omgewing, klimaat en natuurlike plantegroei, dra betekenisvol by tot die ontwikkeling van alternatiewe en volhoubare boerderykomponente op Lokenburg," vertel sy.

Hul seun, Nicolaas Eduard, het in 2023 sy BSc-graad in lewenswetenskappe met sielkunde (cum laude) aan die Universiteit Stellenbosch behaal en is tans besig met sy tweede jaar van die MB ChB-graad aan die Universiteit van die Vrystaat. "Sy akademiese rigting weerspieël dieselfde waardes van diens, volhoubaarheid en betrokkenheid by die mens en omgewing wat op die plaas uitgeleef word," sê sy trots.

Sedert Junie 2023 is Nelmarié, wat die plaas saam met Herman bestuur, aktief betrokke by die daaglikse boerdery. "Die fokus is om die plaas se historiese nalatenskap te respekteer, terwyl dit terselfdertyd aangepas word vir moderne, volhoubare en ekonomies lewensvatbare landboupraktyke."

Elkeen van die ses geslagte voor haar het die plaas aaneenlopend bewoon en benut – en strukture en bestuurspraktyke nagelaat. "Hierdie lang geskiedenis weerspieël 'n diep





Van die blomme wat op die plaas gedroog en verwerk word, is vir 'n nismark bestem. (Bron: Verskaf)



**Die grondtipes op die plaas wissel van leemgrond tot skraal sandgrond wat minder vrugbaar is, maar goed dreineer en ideaal is vir die verbouing van aromatiese en medisinale plante. (Bron: Verskaf)**






**In 2025 is daar doelbewus begin met verdere waardetoevoeging deur die ontwikkeling van essensiële olie-produkte, waaronder handgemaakte seep en kerse, verskeie geskenk-pakke, asook essensiële olies in 10 ml-botteltjies wat direk aan die verbruiker bemark word in. (Bron: Verskaf)**







verbintenis tussen mens, grond en natuurlike hulpbronne, en vorm vandag nog die grondslag van hoe die plaas bestuur en ontwikkel word."

## Lokenburg

Lokenburg beslaan sowat 5 000 hektaar. Die skaal van die plaas maak dit moontlik om produksie volgens die potensiaal van die grond en die klimaat te segmenteer, terwyl die hand-hawing van biodiversiteit en langtermyn-volhoubaarheid prioriteit geniet.

Hier word met Dohne-Merino's en Dorpers, beeste en rooibostee geboer, en die afgelope paar jaar ook met essensiële olies, met ekotoerisme as nog 'n vertakking.

Die plaas val in die winterreënvalge-bied waar die meeste van die normale maar wisselvallige reënval van tussen 200 en 400 mm per jaar tussen Mei en Augustus voorkom. In die winter is dit nat en koud en in die somer droog en warm met groot verskille tussen dag- en nagtemperature.

Die grondtipes wissel van skraal sandgrond tot dieper leemgrond, afhangend van die topografie en ligging en die produksiestelsels word daarby aangepas.

Die sandgrond is minder vrugbaar maar beskik oor goeie dreinering, wat 'n kritieke faktor is vir die verbouing van aromatiese en medisinale plante. Die dieper leemgrond het beter wa-terhouvermoë en voedingsreserwes wat waardevol is vir meer intensiewe produksie. Grondbestuur fokus op aanpassing, minimale versteuring en doelgerigte voeding.

Lokenburg se ligging in 'n klimatiese oorgangsone tussen fynbos- en vetplant-Karoo-biome is uniek en interessant en sluit in die noordwestelike fynbos-, die westelike renosterveld-, die fynbos-renosterveld-, die Karoo-renosterveld- en die Trans-eskarpment- sukkulente biostreek in. Hierdie streke dra by tot 'n groot diversiteit van plante en diere, wat talle endemiese spesies insluit.

Die bewaring van dié diverse fauna en flora is ook 'n prioriteit, en sedert 2025 word 'n biodiversiteitsbestuurplan wat saam met die Bedreigde Natuurlewetrust (EWT) saamgestel is, toegepas. Die doel is om onder meer die habitat van die bedreigde padloperskilpad [*speckled dwarf tortoise*] (Chersobius signatus) te beskerm. "Hierdie plan verseker dat grondgebruik en boerderypraktyke volhoubaar bestuur word en dat die biodiversiteit van die plaas vir toekomstige geslagte bewaar bly," sê Nelmarié.

## Essensiële olies

Hoewel klimaatsuiterstes konvensionele landbougewasse onder druk plaas, skep die koue winters en warm, droë somers die ideale omstandighede vir die ontwikkeling van gekonsentreerde aromatiese verbindings in sekere meerjarige, aromatiese en oliegewasse.

Nelmarié en Herman het die potensiaal van inheemse en plaaslike



**Lokenburg se veld is 'n lushof van blommeprag in die lente en die plaas is 'n gewilde ekotoerisme-bestemming. (Bron: Verskaf)**



**Nelmarié en Herman en hul seun, Eduard, het almal 'n passie vir die boerdery en bewaring. (Bron: Verskaf)**

geproduseerde essensiële olies in die Suid-Afrikaanse mark raakgesien, want die mark is uitdagend maar nog onderontwikkel. "Ons sien juis hierin 'n langtermyngeleentheid: om hoëgehalte-olies te produseer wat plaaslik aangepas en naspeurbaar is en aan erkende standaarde voldoen."

Die bal is aan die rol gesit toe Herman as deel van 'n uitgesoekte groep die geleentheid gekry het om 'n opleidingskursus en werkswinkel oor die distillasie, gehaltestandaarde en regsaspekte van essensiële olies by te woon.

Die kursus is deur Pieter Sarel de Bruin van Herbs a Plenty en Ulrich Feiter van Parceval aangebied. Herman is genomineer deur Karen Swanepoel, uitvoerende hoof van SAEOPA wat produsente binne die essensiële olie-bedryf in Suidelike Afrika verteenwoordig en vir hulle verdere blootstelling aan die bedryf bied. Hierdie opleiding het die grondslag gelê vir 'n meer gestruktureerde en kennisgedrewe benadering tot olieproduksie op Lokenburg, met die fokus op tegniese korrektheid, produkgehalte en markgereedheid.

## Vestiging van lavandin as sleutelgewas

As deel van hierdie ontwikkeling het Lokenburg in 2021 'n beperkte hoeveelheid Lavandin Abrialis-plante ontvang. Dit is 'n hibriede kruising tussen ware laventel (*Lavandula angustifolia*) en breëblaar-laventel (*Lavandula spica*). Die lavandin-kultivar is bekend daarvoor dat dit goed aanpas, 'n hoë olie-opbrengs het en geskik is vir meganiese en kleinskaalse produksie.

Omdat lavandin nie deur saad nie maar vegetatief deur steggies aanwas, het Nelmarié en Herman besluit om die plante reeds in Desember 2021 in die grond te kry. Die benadering het volledige beheer oor plantgehalte en eenvormigheid verseker en die aanplantings is van 0,7 tot 3 ha in 2024 uitgebrei.

"Die uitbreiding is doelbewus konserwatief aangepak, met die klem op leer, aanpassing by plaaslike toestande en die verfyning van bestuurspraktyke voordat verdere skaalvergroting oorweeg word," verduidelik Nelmarié.

Die lavandin-plante word gewoonlik in Oktober gevestig en ná 14 maande laat in Desember en Januarie geoes. Die blomme word met die hand met sekels gesny – dieselfde beproefde metode vir die oes van rooibostee op die plaas. Hierdie metode maak voorsiening vir selektiewe sny wat die plante beskerm en 'n hoë blomgehalte vir verdere verwerking verseker. Seisoenale arbeid is 'n integrale deel van Lokenburg se sosio-ekonomiese bydrae tot die streek.

Van die blomme wat op die plaas gedroog en verwerk word, is vir 'n nismark bestem. Volgens Nelmarié toon hierdie produklyn sterk potensiaal en hulle beoog om die vertakking verder uit te brei.

In 2025 is daar doelbewus begin met verdere waardetoevoeging deur die ontwikkeling van essensiële olie-produkte, waaronder handgemaakte seep en kerse, verskeie geskenkpakke asook essensiële olies in 10 ml-botteltjies wat direk aan die verbruiker bemark word. "Hierdie stap verhoog die ekonomiese waarde van die lavandin per hektaar," sê sy.

Die essensiële olies word in 'n aanleg wat Herman self ontwerp en gebou het, gedistilleer. "Die aanleg is aangepas vir plaaslike toestande en volumes en maak dit moontlik om distillasie op die regte tydstip ná oes te doen, wat 'n kritieke faktor vir oliegehalte is."

Plantreste van die distillasieproses word gebruik om kompos te maak wat deel vorm van 'n geslote kringloopstelsel wat bydra tot beter grondgesondheid en minder insetkoste, wat gevolglik die onderneming se volhoubaarheidsdoelwitte ondersteun.

**Lokenburg se visie is om voort te bou op hierdie grondslag deur:**

- die produksie en distillasie van inheemse en aromatiese olies verder te ontwikkel
- gehalte, herkoms en volhoubaarheid as kernwaardes te vestig; en
- 'n bydrae te lewer tot die ontwikkeling van 'n meer volwasse plaaslike essensiële oliebedryf.

"Die langtermyndoel is nie net om 'n kommersieel lewensvatbare produk te lewer nie, maar om kennis, ervaring en streekspesifieke potensiaal saam te snoer tot 'n boerderymodel wat die unieke eienskappe van die Bokkeveld weerspieël."

Kontak **Nelmarié Nel** by **082-523-3407** of **Herman by 072-931-5734** (WhatsApp in albei gevalle) of stuur 'n e-pos na **lokinburg@gmail.com**



**Bronverwysings**

Mucina, N.J., Le Roux, U.S. *et al* (2006) Succulent Karoo Biome https://www.researchgate.net/publication/236686520_Succulent_Karoo_Biome




**VISIT**
**THE WILLARD STAND AT NAMPO!**
12 to 15 May 2026
STAND B10 NAMPO PARK, BOTHAVILLE

PROUDLY SOUTH AFRICAN for OVER seven decades, Willard Batteries has been the trusted name in battery technology, delivering locally built power solutions tailored for the demands of our agricultural sector.

Generations of South African farmers rely on Willard - and the next generation will too.

Need power solutions for your farm? Our expert local field service team is ready to visit, assess, and equip you with the right battery solutions to keep your business moving forward.

WILLARD. THE POWER OF TECHNOLOGY.

MADE IN SA

www.willard.co.za 0860 12 00 12

Willard Batteries®
THE POWER OF TECHNOLOGY


MINING | INDUSTRY | MUNICIPAL | AGRICULTURE | FOOD AND BEVERAGE | FIRE FIGHTING
RAINBOW RESERVOIRS
Premium quality Aluzinc steel sectional tanks for bulk water storage throughout Africa
LISTED AND APPROVED SUPPLIER
ASIB
South Africa
WISA
Water Institute of Southern Africa
FIRE PROTECTION ASSOCIATION OF SOUTHERN AFRICA
www.rainbowtanks.co.za
sales@rainbowres.com | +27 (0)11 965 6016


NAMPO
Is om die draai, kom loer in by ons op Standplaas F32
ALGAR IND BK
Veehanteringstoerusting
Livestock Handling Equipment
www.algar.co.za
082 324 6256
algar@algar.co.za


42 MILLION
People reached via social media every month
29 AFRICAN
Number of Countries we actively target
3 MILLION
Average video views we generate every month
NOT THE MATCH YOU
WERE LOOKING FOR?
WE GET TO KNOW YOUR BUSINESS SO THAT WE CAN OFFER YOU, YOUR PERFECT MATCH IN AGRICULTURAL PRODUCTS.
it's a match!
Agri4All provides a marketplace for farmers and suppliers to showcase and discover a wide range of agricultural products. Whether you're looking for seeds, equipment, or services, our platform connects you with trusted providers.
Agri4all
diane@proagri.co.za
www.agri4all.com


LEVEL UP
YOUR CATTLE
handling game
CATTLE NECK CLAMP
R8 300 excl vat
Price valid till the end March
Bloempark 2, Vanderbijlpark AH, Gauteng, 1911
www.steeltubeprofiles.co.za
+27 665 568 616 I +27 728 794 871 I +27 100 230 786
Email: sales@steeltubeprofiles.co.za


YOUR ONE-STOP CATTLE & SHEEP
HANDLING EQUIPMENT SUPPLIER
NATIONWIDE DELIVERY
VDW
FARMING AND ENGINEERING
We also supply a wide range of other agricultural equipment.
Mobile crush & neck clamps
Cattle neck clamps
Standard & mobile loading ramps
Loading ramps & panels
Enclosure panels
Gated enclosure panels
Feeding troughs
Work stations
2 Way sorting gates
Support arches
Support arches with gate
Weigh bars
Spray race
Branding irons
Bale rings
Scales
info@vdwengineering.co.za
www.vdwengineering.co.za
072 901 4033

# JOU **HOOI-** EN **BAAL-** OPLOSSINGS.




## SNYERS & SNYER/KNEUSERS

210M – 8-skyf-sleep-snyer
D210 – 8-skyf-sleep-snyer/kneuser
313 – 8-skyf-sleep-snyer/kneuser
316 – 10-skyf-sleep-snyer/kneuser

## BALERS

BB1290-hoëdensiteit-kerwer
BB1290-hoëdensiteit-verpakker
BB1290 PLUS
BB1270 PLUS Densiteit
Hayliner 275-klein vierkantbaler
BC5060-klein vierkantbaler
Roll-Bar 125-rondebaler
RB150-rondebaler - Veranderlike

## SELFAANGEDREWE MASJINERIE

FR650-kuilvoerkerwer met optel- en mielietafel
FR500-kuilvoerkerwer met optel- en mielietafel
SR200-platsnyer met Durabine-tafel

## TELESKOPIESE HANTEERDER

TH7.32

Tindrum 25/160

**Kontak jou New Holland-handelaar vandag of bel ons:**

**Paul de Korte (064 752 1613)** - KwaZulu-Natal, Mpumalanga
**Quintus Smit (082 524 7397)** - Wes-Kaap, Noord-Kaap en Oos-Kaap
**Eduan Booyens (071 871 8163)** - Noordwes, Vrystaat, Gauteng en Limpopo

**www.newholland.com/za**

**NEW HOLLAND**
**SAAM JOU, SEISOEN NA SEISOEN**

**Vir huidige aanbiedinge besoek newhollandag.co.za**

PIONEER®
100 JAAR

# GOEIE GOED BEGIN MET EEN.

**EEN PERSOON. EEN SAK SAAD. EEN LAND. EEN OES.**

Vir die laaste 100 jaar was dit ons missie om opbrengste te verhoog, plaagweerstand te verbeter en welvaart te verseker. Ons streef daarna om vir nog 100 jaar op die kruin van die tegnologie-golf te bly en altyd bewus te bly van ons herkoms.Terwyl ons oë op die toekoms gerig is, koester ons altyd ons eeu van nalatenskap in ons harte.

**WANT 100 JAAR BEGIN MET EEN.**







CORTEVA™ agriscience

TM ® SM Handelsmerke en diensmerke van Corteva Agriscience en sy geaffilieerde maatskappye en geregistreerde lisensiehouers. © 2025 Corteva